When she is not at work, she enjoys reading, watching movies and doing some gardening at their family home in Thatchfield Gardens, The Reeds, Centurion.

Mapule and her husband Joe, who is currently a Chemistry professor at the Vaal University of Technology, have three daughters: Thandi (20), Tshiamo (10) and Omphile (7).

Once again revealing her optimistic nature, Mapule’s dream for South Africa is that everyone should have equal opportunities to contribute to the development of the economy, and that poverty, crime and corruption should be eradicated completely.



Although At nowadays mainly uses acrylic paint, he is presently in the process of painting a series of oil paintings that will probably be available towards the end of the year.

## Sunshine, seaside and painting are his destiny

A relaxed life in a little house at the seaside? This idyllic prospect is not every earthling's lot, but for the well-known actor and artist, Mr At Botha, it will soon become a blissful reality.

This well-known alumnus of the former Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE) is going to fulfil his great expectation when he soon swops the smokiness and traffic of Johannesburg for the sunshine and seaside of Paternoster.

The people of the West Coast will easily recognise him in the streets. Since he appeared on stage for the first time as Stanley Kowalski in *A streetcar named desire* in 1971, he has been a regular guest in South African households.

### Detective At

At is particularly well known for the role of detective that he performed in TV productions such as *Die Binnekring* and *Die Laksman*. His latest TV role was that of Con de Bruyn in *Vallei van Sluiers*, which was televised on KykNet last year.

He has also acted in various movies, for example *Blink Stefaans*, *Hostage*, *Bosveldwinkel*, and *Grensbasis 13*. As a matter of fact, he says that if he has a choice, he prefers film work because that process is much more relaxed.

But his love for painting will always be his greatest passion. He has been fulfilling this calling from a young age, including when he was a BA Drama student between 1971 and 1974 at the former PU for CHE.

At was a resident of the asbestos hostel which in those days was known as "Skuur" (Shed), and the drama productions they rehearsed in the evenings after class are still among his fondest memories of life as a student.

Other well-known personalities who were fellow students on the campus during that time, were, amongst others, actor Pierre van Pletzen and singer Danie Niehaus.

### The paintbrush wins

Nowadays, acting is only a hobby for At, and he spends most of his time paintbrush in hand.

"If I have a choice, I would prefer the art of painting to acting, because every day it provides me with the opportunity to be creative within my own space. Furthermore I enjoy seeing my paintings giving pleasure to people in their homes," he says.

When he sets up his easel at various art studios during art festivals, he also enjoys the interaction with people.

He paints harvesting scenes of the Cape, District Six scenes, ocean scenes and clowns.

"As a child, clouds and mountains fascinated me, and my landscapes are mainly inspired by the Eastern Free State, where we lived while my father was a teacher at various schools," he says.

### Wedding march and toasts

But in the meantime he will first celebrate a wedding. Yes, the wedding bells will ring on 17 September for At and his fiancé, Dr Annelize Pretorius from Centurion.

"My wife died of cancer three years ago after a marriage of 15 years. I am about to be married to my fiancé whose husband in fact also died of cancer," says At.

At the moment Dr Annelize has an audiology and speech-language practice, and a human resources company in Centurion, and she and At both plan to continue their professions when they move to the West Coast.

### A handful of children

Their four Pekinese dogs, Boesman, Lena, Sophie and Meraai, will of course also move to Paternoster.

At also has two sons and a daughter. Johan (37) and Pieter (24) have followed in his footsteps – Johan is an artist and Pieter an actor. His daughter, Helena (34), is married to Pieter Oberholzer, and she is a natural health practitioner. Dr Annelize's daughter, Mia (30) is married to Tony Brazzoli and they have a little girl, Eva (seven months).

Towards the beginning of October this year, At will once again visit Potchefstroom during Aardklop for a stroll under the oak trees.

For the remainder of the year he will make ordinary earthlings envious by painting in his spacious studio while looking at the sun splashing its unique shades of colour over the ocean at Paternoster.

# Working with words, he strives for justice

**M**r Frank Lesenyego's career not only reflects his life-long love of communication, but also his sense of justice.

His childhood dream of working in the print or electronic media prompted him to study for a BA Communication degree between 1999 and 2001 on the Mafikeng Campus of the former University of North-West.

"Growing up in Mafikeng, I often listened to the radio. My hero and role model was radio announcer Lerato Kuntwane from Radio Mmabatho, way back in the era of the former Bophuthatswana," says Frank.

During Frank's student years, Prof Takallo Mofokeng was the rector of the Campus and Ms Modiegi Mosime was head of the Communication Department.

After completing his degree and guided by his reverence for fairness, he looked for employment as a communication officer in the office of the Land Claims Commission.

## **No simple matter**

Working at the regional offices of the Land Claims Commission – first in Mafikeng, then in Nelspruit and ultimately as assistant director of the Communications and Media Liaison Unit in Kimberley – he realised that the land restitution process was no simple matter.

One of the difficulties was – and still is – that lost land has since been developed and instead of resettling people on the land that they once owned, they are now merely financially compensated for it.

"I believe that this defies the principle of redistribution to a great extent," he says.

## **Justice for all**

Still driven by his sense of justice and fairness, Frank joined the regional office of the National Prosecuting Authority (NPA) of South Africa in Mmabatho in 2008, where he is still employed. Frank explains the special role that the NPA plays in the justice



*Mr Frank Lesenyego.*

system: "In terms of the Constitution, their mandate is to institute criminal proceedings on behalf of the State and to carry out various functions flowing from it."

## **Talking to the people**

Frank enjoys dealing directly with the people on ground level while conducting community outreach programmes on behalf of the NPA.

"This gives me the opportunity to keep people informed about the role the institution plays in our justice system and consequently build a positive image of the NPA in the community," he says.

Another important aspect of his work is to establish a good working relationship with members of the media.

"The secret," he says, "is to disseminate enough information to enable them to do their work properly. In return their goodwill often results in positive coverage, promoting your corporate identity and building your image."

As assistant director of the Corporate Communications, Internal and Media Liaison

Unit, he has high hopes that the print media will survive the current electronic information age.

"I think that social media like Twitter and Facebook will rather complement printed media instead of replacing it. People still want to be able to refer back to some written or printed document."

## **He stays in contact**

With many of his cousins currently studying on the Mafikeng Campus, Frank visits the campus regularly.

"I also have contact with people who studied with me – we actually had our own small reunion last year," he says.

Frank is the proud father of a four-month-old baby girl, Matlhogonolo. "She is such a blessing," he says.

He intends to instill in her the same values that he learned from his father.

"My late father said what you give to the world, the world will give back to you a thousand times. I believe this definitely applies to love."

The Ferdinand Postma Library as it is today.

# Ferdinand Postma Library turns 60

The Ferdinand Postma Library on the Potchefstroom Campus is celebrating its 60th anniversary this year.

Originally, the library was part of the main building of the campus. Then, in 1949, the rooms in which the library was accommodated in the north-eastern wing of the historic main building were destroyed by fire.

This made the erection of a new fire-proof library a very high priority.

This library's cornerstone was laid on 17 March 1951. The building was eventually completed in 1952, and the library was officially occupied on 29 November 1952.

It was named after Prof Ferdinand Postma who was involved with the university for 46 years, including 29 years as rector.

The stone-laying ceremony was part of the celebrations when the former Potchefstroom University for Christian Higher Education became an independent institution.

In an article in *Die Veteraan* (1952, dl XVII), the building was described as follows: "Apart from storage space for 100 000 to 120 000 book volumes in its storeroom, the building provides space for calm, undisturbed study for 160 students in its spacious and pleasant study hall.

"For postgraduate and research students, 12 small study rooms have been planned. Ample provision has been made for office and work space for the library staff, for the

well-equipped book binding shop, for a photographic section and for a number of seminar rooms".

At the time, the library was considered one of the most modern library buildings in the country. In 1973, when the building was enlarged, the floor space was quadrupled and another floor was added.

This was architecturally so well done that it is close to impossible today to see the signs of the expansion.

Apart from Library Services, which uses the biggest part of the building and several classrooms on the top floor, there were also other important occupants.

In the nineties the Archive and Museum were installed in the east side and basement of the building. The Campus Gallery is now where the main reading room on the first floor used to be.



The fire in the main building in 1949 compelled the university to erect a new fire-proof library.

The cornerstone was laid on 17 March 1951. It was unveiled by the then Minister of Education, Mr JH Viljoen.



The unveiling of the relief statue of Prof Ferdinand Postma in 1952 against the Library facade.

The completed library building in 1952, seen from the western side.





# NWU gets unique indoor cycling track in Africa

**T**he first indoor cycling track with a wooden surface (velodrome) in Africa will soon be constructed at the Fanie du Toit sports grounds on the NWU's Potchefstroom Campus.

In addition to the velodrome, undertakings have already been given in conjunction with Cycling South Africa (CSA) to build a BMX Supercross cycling track.

Furthermore, the NWU will establish a Cycling Academy on the Potchefstroom Campus and offer an academic programme involving the science of cycling.

## **International standards**

Both cycling tracks will comply with international standards, making it possible to host future national and international cycling competitions such as the South

African and African Championships, the World Cup and the World Championships.

The velodrome will consist of an indoor 250-metre wooden-surface cycling track with a sunken (1,5 metres lower) infield. The infield will be suitable for competitions in various Olympic and other indoor sports, including netball, basketball, volleyball, fencing, table tennis, handball and weightlifting.

Apart from these facilities and the required infrastructure, the project will include offices, a cafeteria, entertainment areas, storage facilities and pavilions.

The scope of the project will ultimately be determined by the additional funds that will be generated from sponsorships for the project.

## **Academic programme**

The NWU PUK Velodrome™ will not only be used as a practice and competition facility but will also be involved in the core business of the NWU, namely teaching and research. This development will take place under the banner of the NWU PUK Cycling Academy™ in cooperation with the Africa Continental Cycling Centre (ACCC) on the Potchefstroom Campus.

The academic programme on offer will be part of the existing Diploma in Sports Science programme, specialising in cycling.

Part of this programme will include talent identification and development. The overall development and presence of several levels of cyclists also creates great potential for research and has elicited positive feedback from the International Cycling Union (UCI).

# Setting the wheels in motion

The idea of building the velodrome is connected to the cycling development work being done by the Africa Continental Cycling Centre (ACCC) on the Potchefstroom Campus. The centre is managed by Mr Jean-Pierre van Zyl (commonly known as J-P) and his wife, Theresia.

Over the past five years more than 320 development cyclists from 26 African countries have trained there under J-P, who is a former olympic cyclist.

Based on the performance of these development cyclists, it was clear that there was potential to do something more ambitious with this project.

## In the fast lane

The initiative gained momentum when Mr Pat McQuaid, the president of the International Cycling Union (known as the UCI) visited the ACCC in January last year.

Discussions ensued between him, Dr Theuns Eloff, the vice-chancellor of the NWU, and other interested parties. As

a result, Mr Frans Kruger, head of NWU Legal Services and former president of South African Cycling, together with J-P, suggested that a velodrome be built on the Potchefstroom Campus.

The excellent work already done by the ACCC in Potchefstroom prompted the UCI president to pledge his organisation's wholehearted support of the velodrome initiative, after which the project was rolled out further.

## Support

Under Frans's leadership, the NWU consulted widely and gained the support of the Africa Cycling Union, Cycling South Africa (CSA) and the South African Sport Confederation (SASCOC).

The NWU also applied for funds from the National Lottery, which granted an amount of R15 million.

## International visitors

A few international experts on cycling tracks also visited the NWU during March this year.

One of these visitors was Mr Walter Von Lütcken, a world-renowned track builder from Germany, who has designed and built several cycling tracks with wooden surfaces.

During his visit, he acted as a consultant to the NWU on the design and building of the wooden track for the velodrome. His proposals and recommendations have already been submitted to the UCI's track committee and reportedly been received very positively.

Mr Frédéric Magné, the director of the UCI's World Cycling Centre in Aigle, Switzerland, also visited the NWU. Since the visits of these international experts, there have been lots of enquiries from international cycling coaches and teams.

They would like to make use of these facilities to prepare for international competitions in 2012, including the UCI's World Championships and the Olympic Games. At the latter event, 10 gold medals (therefore 30 medals in total) are at stake for track cycling alone.



The NWU hosted a gala dinner in Potchefstroom earlier this year for people involved in the velodrome project. Guests were, from left, Prof Themba Mosia, the institutional registrar of the NWU, Mr Frédéric Magné, the director of the International Cycling Union's World Cycling Centre in Aigle, Switzerland, Dr Theuns Eloff, the NWU's vice-chancellor, and Mr Kennedy Mosiapoa, acting chief director of the Department of Sport, Art and Culture of the North-West Province.

## More about the tracks

- The surface of the inclined indoor track of 250 metres will be manufactured from Siberian Pine.
- It is envisaged that part of the funds earned by renting out the tracks be used for expenses such as maintenance and for bursaries for South African cyclists who wish to study at the university and who meet the required criteria.

## Why Potchefstroom?

- Potchefstroom's height above sea level is ideal for practising and training.
- The African Continental Cycling Centre, which was established in Potchefstroom in 2006, is supported by the university in many respects and also utilises the university's facilities.
- Potchefstroom and surroundings offer outstanding opportunities for all cycling disciplines such as road, mountain, BMX and track cycling.



## *Dear member of the* NWU Convocation

*In terms of paragraph 37 of the Statute of the North-West University (NWU), a general meeting must be convened by the president of the Convocation at least once every three years at the seat of the university or such other place as determined by the president, taking into account the multi-campus nature of the university.*

You are hereby cordially invited to the

### **Triennial general meeting of the NWU Convocation**

**Date:** Saturday 6 August 2011  
**Time:** 10:00 – 13:00  
**Venue:** Convention Dynamics Conference Centre  
310 Kruin Street, Harmelia, Isando  
(next door to the Road Lodge Hotel)  
**GPS Co-ordinates:** S26°08.546' E028°11.529'  
**RSVP:** Izette Schouwstra 018 299 4968 or  
izette.schouwstra@nwu.ac.za  
before or on 22 July 2011

*Members of the Convocation have the right to participate in the specific proceedings and activities in terms of their membership, as reflected in the convocation roll.*

*If there is any doubt about your status as a legitimate member, contact Izette Schouwstra at the Convocation Office to verify your membership status.*



**BOTANIESE TUIN**  
bekoor

Veelsydige  
**AT BOTHA**

Ontmoet ons  
**STUDENTELEIERS**



### **Voorblad**

Mnr At Botha, bekende akteur en skilder, is 'n alumnus van die Potchefstroomkampus. Lees gerus meer oor hom en sy verloofde, dr Annelize Pretorius, op p31. *Foto: Nardus Nel*

# Inhoud

## Redaksioneel

- 4 Boodskap van die visekanselier
- 5 Universiteit vir die gemeenskap
- 6 Dit kom van ver af

## Artikels

- 7 Transformasie strek veel wyer  
Suidelike toptalent nou op NWU-bestuur
- 8 So klink sukses
- 9 Sal ons ou kennisse ...
- 10 Die NWU sing 'n ander deuntjie
- 11 NWU ontvang eerste simulasiipop in SA



## Artikels

- 12 Kampusnuus
- 14 Sy bestyg die korporatiewe leer
- 15 Uitnemende dosente beloon
- 16 Vat hande vir 'n beter lewe
- 17 UPSET is 'n eerste vir Vaal
- 18 Hier ruik jy katbos en kambro
- 20 Baanbreker van die regbank
- 22 Ontmoet vandag en môre se leiers
- 24 Aan die stuur van 'n globale reus
- 26 Inheemse kennis bevoordeel baie
- 28 Poolse studente leer Afrikaans praat
- 30 Sy sien oplossings, nie probleme nie



## Artikels

- 31 'n Toekoms vol son, see en skilder
- 32 Woorde is sy werk en geregtigheid sy strewe
- 33 Ferdinand Postma-biblioteek vier sestigjarige bestaan
- 34 NWU kry eerste binnehuise houtfietsrybaan in Afrika



# Boodskap van die visekanselier

## Beste alumni

Baie dankie vir julle voortgesette ondersteuning aan die alumni-tydskrif.

Ons betree nou reeds die derde jaar van uitgawe van die *NWU & U* en gaan, danksy die alumni se oorweldigende goeie kommentaar hierop, van krag tot krag hiermee.

Dit gaan goed by die NWU en ons gee graag vir julle 'n voëlvlugoorsig van die vernaamste prestasie-aanduiders.

Uit die meegaande tabel is dit duidelik dat

2010 in vele opsigte 'n hoogtepunt vir die NWU was.

Wat onderrig-leer betref, wil ek graag na die voortgesette groei in studentegetalle verwys en die aandag vestig op die sukseskoers wat 'n aanduiding gee van die aantal modules wat in 'n betrokke jaar geskryf en geslaag is.

Die NWU lê met 83,15% in 2010 waarskynlik onder die top drie universiteite in die land, ná 'n gesamentlike tweede plek in 2009.

(Vergelykende syfers van ander universiteite vir 2010 is nog nie beskikbaar nie.)

Selfs meer bemoedigend is die graadverryingskoers of die persentasie van totale studente wat elke jaar gradueer.

Dit staan vir 2010 op 27%, wat waarskynlik (weer) sal meebring dat die NWU die eerste plek in hierdie kategorie sal beklee.

In terme van navorsing is dit duidelik dat die navorsingsontwikkelingsmodel wat die NWU volg, vrugte afwerp.

Ná twee goeie jare in 2006 en 2007, het ons 'n effense afname in die getal meesters- en doktorsgrade in 2008 beleef, maar sedert 2009 is daar weer 'n sterk groeikurve.

**NWU-prestasie in vergelyking met die algemene Suid-Afrikaanse hoëronderryssektor**

	2005	2006	2007	2008	2009	2010*
<b>Totale studente-in-skrywings (koppetelling)</b>	38 596 (6 <sup>de</sup> grootste)	38 708 (5 <sup>de</sup> grootste)	44 726 (4 <sup>de</sup> grootste)	47 008 (4 <sup>de</sup> grootste)	50 589 (4 <sup>de</sup> grootste)	55 732
<b>Kontak</b>	27 092	27 889	26 075	25 740	26 853	29 243
<b>Afstand</b>	11 504	10 819	18 651	21 268	23 736	26 489
<b>Voorgraadse sukseskoers (kontak en afstand)</b>	79% (5 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 75%)	78% (9 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 76%)	79% (9 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 77%)	81% (8 <sup>ste</sup> ) (nasionale gemiddeld 77%)	84% (2 <sup>de</sup> saam met UK en US, nasionale gemiddeld 77%)	83,5%
<b>Voorgraadse graadverryingskoers (aantal grade as % van totale koppetelling)</b>	19% (7 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 15%)	25% (2 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 15%)	25% (3 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 15%)	26% (3 <sup>de</sup> ) (nasionale gemiddeld 15%)	27% (1 <sup>ste</sup> ) (nasionale gemiddeld 16%)	27%
<b>Grade en diplomas toegeken</b>	7 746 (6 <sup>de</sup> )	9 825 (4 <sup>de</sup> )	11 345 (2 <sup>de</sup> )	12 337 (3 <sup>de</sup> )	13 445 (2 <sup>de</sup> )	15 083
<b>Meestersgrade toegeken</b>	700 (4 <sup>de</sup> )	765 (3 <sup>de</sup> )	618 (6 <sup>de</sup> )	583 (6 <sup>de</sup> )	659 (6 <sup>de</sup> )	633
<b>PhD's toegeken</b>	85 (8 <sup>ste</sup> )	110 (3 <sup>de</sup> )	124 (5 <sup>de</sup> )	100 (6 <sup>de</sup> )	123 (6 <sup>de</sup> )	129
<b>Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)</b>	326 (8 <sup>ste</sup> 5%)	361 (9 <sup>de</sup> 5%)	376 (8 <sup>ste</sup> 5%)	513 (7 <sup>de</sup> 6%)	453 (9 <sup>de</sup> 5%)	578
<b>NNS-gegradeerde navorsers</b>	85 (6 <sup>de</sup> )	82 (6 <sup>de</sup> )	95 (10,6%, 7 <sup>de</sup> )	103 (11%, 6 <sup>de</sup> )	116 (7 <sup>de</sup> )	117
<b>Totale navorsingsuitset</b>	865	1 074	1 061	1 083	1 190	1 318

\*Sektordata nog nie beskikbaar nie en NWU-data nog nie finaal geoudit nie.

# Boodskap van die visekanselier

Met die publikasie van navorsingsartikels in geakkrediteerde vaktydskrifte het 2009 'n oënskynlike insinking getoon, net om in 2010 die hoogste getal oor die afgelope vyf jaar in hierdie verband aan te teken.

Dit sal ons waarsynlik weer in die sesde plek vir totale navorsingsuitsette landwyd plaas.

Wat die nuwelingskrywings by die drie kampusse betref, kon ons voortbou op die positiewe groeitendense van die afgelope jare, soos dié eerstejaarskrywings vir 2010 en 2011 getuig:

## **Mafikengkampus:**

**2010:** 2 010      **2011:** 2 113

## **Potchefstroomkampus:**

**2010:** 3 610      **2011:** 3 986

## **Vaaldriehoekkampus:**

**2010:** 1 200      **2011:** 1 472

## **NWU totale aantal nuwelingskrywings:**

**2010:** 6 820      **2011:** 7 571

Die NWU is ernstig oor die voortgesette transformasie van die instelling en het transformasie reeds sedert die vorming

van die NWU in 2004 as 'n omvattende begrip gesien. Lees gerus meer hieroor in die artikel op p7.

Dit dan 'n kort oorsig oor enkele sake wat 'n aanduiding gee van die opwindende tye wat ons by die NWU beleef en die vordering wat ons maak. Soos julle kan sien, bly die NWU goed geïmposisioneer om 'n tasbare bydrae te lewer in die hoër-onderryssektor in Suid-Afrika.

Vriendelike groete,



## Universiteit vir die gemeenskap

Universiteite is nie ivoortorings nie en kan nie in isolasie funksioneer nie.

Ook die NWU besef dat die bestaan van hoëronderrysinstellings en dié van gemeenskappe onlosmaaklik met mekaar verbind is. Daarvan getuig die feit dat daar tans meer as 300 gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte dwarsoor die universiteit aan die gang is.

Trouens, gemeenskapsbetrokkenheid – naas onderrig-leer en navorsing – word beskou as deel van die kernbesigheid van die universiteit.

NWU-kundiges implementeer hul kennis en vaardighede ten bate van die gemeenskap deur byvoorbeeld kortkursusse aan te bied of as konsultante op te tree. Hoewel aktiwiteite soos dié inkomste vir die NWU genereer, stel die personeel en studente van die universiteit ook hul kundigheid op 'n vrywillige grondslag beskikbaar aan verskeie instansies – dus sonder 'n winsoogmerk.

'n Voorbeeld hiervan is die Holding-handsprojek wat daarop gerig is om die lewens-

standaard van vroue in plattelandse gebiede te verbeter. Lees op p16 oor die verskil wat dié projek in mense se lewens maak.

In hierdie uitgawe is daar ook verskeie artikels oor die bydraes wat ons alumni tans op verskillende terreine in die samelewing lewer – van mensehulpbronne by Eskom tot by die internasionale top-bestuur van Toyota.

Op p22 stel ons ook ons lesers voor aan die kampusleiers van die NWU. Nes die alumni waaroor ons in hierdie uitgawe skryf, sal dié jongmense ook binnekort hul plekke vol staan in die samelewing – so word die studenteleiers van vandag die gemeenskapsleiers van môre.

Ons vertrou dat julle hierdie propvol uitgawe van die *NWU & U* sal geniet. Skryf gerus vir ons – oor julle huidige lewens, en oor julle herinneringe aan jul studiejare.

Lekker lees,

*Nelia en Marelize*




**Redaksionele span:** Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Elmarie Cronje, Pheno Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemsse.

**Vertaling:** Marietjie Delport, Wilna Liebenberg. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** The Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pheno Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemsse. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht - Tel 018 299 4937, faks 018 299 4938. *NWU & U* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.



# Dit kom van ver af

Dit was weereens baie lekker om van ons alumni te hoor en ons deel graag dié groete-boodskappe met ons lesers.

 Ek sit hier in my huis in Kincumber in Australië, met die NWU & U op die skoot en dit voel behoorlik of ek 'n brief van die huis af gekry het.

As dogtertjie was die Potchefstroomkampus letterlik my huis – ek het op die gras voor die biblioteek rondgehardloop en die studentesentrum was my naaste “kafee.”

Die rede hiervoor was dat my pa, Chris Windell, huisvader van Oosterhof en Klawerhof was – trouens, hy werk nog steeds op die ouderdom van 70 op die Potchefstroomkampus.

Daarby is ek en my man albei alumni – ons het tussen 1990 en 1993 daar studeer. Ek het Maatskaplike Werk studeer en my man, Flip, Elektroniese Ingenieurswese.

In 2008 het ons in die pragtige kUSDorpie, Warrnambool, in die Australiese staat Victoria beland. So met die emigrasie en 'n eenjarige kind op die heup het ek my nagraadse studie in Maatskaplike Werk van daar af deur die NWU klaargemaak.

Ons bly nou in Kincumber naby Sydney, waar Flip in die industrie vir geografiese inligtingstelsels werk.

Kincumber is deel van die Central Coast in die staat New South Wales en het wonderlike strande en 'n plattelandse gevoel. Hier is ook 'n groot groep Suid-Afrikaners in die omgewing en die klub bekend as die “Central


Coast Koeksisters” kom gereeld bymekaar vir 'n braai of een of ander byeenkoms.

Dankie vir die nuus van die “huis”. Geluk ook aan die konservatorium met sy halfeeuweringe. Ek het wonderlike dae daar deurgebring toe ek in die jeugkoor gesing het en het ook onvergeetlike herinneringe aan die tyd toe ek lid was van die universiteitskoor.

Wat van 'n PUK-reunie in Australië?

Groete,  
Lindie Nell, Kincumber, Australië


Ons het ook 'n brief van Don Campbell ontvang, waarin hy verwys na sy broer, James, se brief wat in die vorige uitgawe van die NWU & U verskyn het. Hierin verduidelik hy dat hy nie régtig in net vier jaar die BSc Hons in Geologie behaal het soos broer James dit gehad het nie. Hy vertel ook van die meisie met wie hy gekys was:

 Een van die hoogtepunte van my studiejare was toe ek en Leonie du Plessis op die stoepie van die Chemie-laboratorium gekys is.

Dié laboratorium bestaan nie meer nie, maar ná 56 jaar (die laaste 20 hiervan in Jeffreysbaai), twee seuns en vier kleinkinders, is die kys nog net so sterk soos altyd.

Groete,  
Don Campbell, Jeffreysbaai

Daar was ook 'n kort boodskap van Nico Roux uit die Noord-Kaap:

 Baie dankie vir 'n puik tydskrif met interessante nuus. Ek dink met vreugde terug aan my studietyd in Potchefstroom. Ons twee dogters het ook op dié kampus studeer, dus was ons die afgelope agt jaar gereeld daar.

Ek sien uit na die volgende uitgawe!

Groete,  
Nico Roux, De Aar

Skrif gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane en gesinne gaan. Stuur julle briewe na [nelia.engelbrecht@nwu.ac.za](mailto:nelia.engelbrecht@nwu.ac.za) of faks dit na (018) 299 4938 of pos dit na Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

**ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!**



# Transformasie strek veel wyer

**D**ie NWU se siening van transformasie is veel wyer as die betekenis wat dikwels in Suid-Afrika daaraan geheg word.

“Die internasionale gemeenskap interpreteer transformasie as die voortdurende aanpassing by vinnig veranderde eksterne omstandighede,” sê dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier.

“In Suid-Afrika het dit ongelukkig ‘n veel enger betekenis gekry – hier kom dit dikwels neer op koppetelling en ras.

“Die NWU verkies egter die wyer siening van transformasie. Ons wil die balans handhaaf tussen billikheid en toegang aan die een kant, en sukses, gehalte, uitnemendheid en innovasie aan die ander kant.”

Die NWU se siening van transformasie word gereflekteer in die nege ewe belangrike

transformasie-elemente wat die NWU-Raad verlede jaar geïdentifiseer het.

Hulle is toegang, belyning, indiensnemingsgelykheid, toenemende eenheid/diversiteit, kwaliteit van die kernbesigheid, regstelling (“redress”), hulpbrontoekenning, studentevervaring en sukses.

“Ons bestuur transformasie aan die hand hiervan en het reeds goeie vordering gemaak,” sê dr Theuns.

“Hoewel die wet nie spesifieke teikens en doeldatums voorskryf wat transformasie betref nie, is die ideologie van demografiese verteenwoordiging onderliggend aan verskeie wette. Hiervolgens moet jou getalle (studente en personeel) die land se rassegroepe streng weerspieël.

“Dit is egter nie haalbaar of wenslik by die NWU nie, aangesien dit diversiteit vernietig

en studente dus van die geleentheid ontnem om in ‘n diverse omgewing te studeer en hulself so voor te berei vir ‘n diverse werksomgewing.”

Die universiteit stel dan ook teikens vir studente op die onderskeie kampusse op grond van die beginsel van minimum diversiteit en nie demografiese verteenwoordiging nie. Hiervolgens is die teikens vir 2020 soos volg: Mafikeng 10% wit, 90% swart (tans 1% wit en 99% swart); Potchefstroom 70% wit, 30% swart (tans 76% wit en 24% swart); en Vaaldriehoek 75% swart en 25% wit (tans 66% swart en 33% wit).

Hierdie doelwitte word in samehang met die universiteit se beleid vir funksionele meerstaligheid bestuur, om die Mafikengkampus te posisioneer as die ankerkampus vir die ontwikkeling en gebruik van Setswana en die Potchefstroomkampus as die ankerkampus vir Afrikaans.

## Suidelike toptalent nou op NWU-bestuur

**D**ie NWU het onlangs toptalent uit die suide ingevoer – een kundige van die Winderige Stad en ‘n ander van die Moederstad af.

Prof Martin Oosthuizen kom van Port-Elizabeth af en is aangestel as Adjunk-Visekanselier: Onderrig-Leer en dr Ingrid Tufvesson is van Kaapstad en beklee nou die pos as Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur by die NWU.

Prof Martin was voorheen die senior direkteur in die Kantoor vir Akademiese Beplanning en Kwaliteitsbevordering aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port-Elizabeth en dr Ingrid was ‘n transformasiebeampte in die Fakulteit Handel aan die Universiteit van Kaapstad.

Albei beklee hul nuwe poste aan die NWU sedert 1 Junie 2011.

Hulle aanstellings hou verband met die onlangse herstrukturering van die NWU se topbestuur.

Die postitels van die twee uitvoerende direkteure wat verantwoordelik is vir onderrig-leer en vir navorsing is byvoorbeeld verander na adjunk-visekanseliers en ‘n nuwe driejaartermyn-pos, Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur, is deur die NWU-Raad ingestel.

Prof Frikkie van Niekerk, wat voorheen Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie was, is nou die Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie.

*Dr Ingrid Tufvesson het haar PhD aan die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis in Sydney, Australië, verwerf.*



*Prof Martin Oosthuizen het grade in Regte en Teologie, is ‘n lid van die Europese Vereniging vir Institusionele Navorsing en het al op ‘n hele aantal hoëprofiel-hoëronderwyskomitees en -panele gedien.*



# So klink sukses

Hy laat nie 'n klompie desibels tussen hom en sukses staan nie.

Nee wat, as 'n mens hard werk, op God vertrou en 'n goeie ondersteuningsraamwerk het, kan jy enigiets bereik, glo mnr Nico Potgieter, 'n gehoorgestremde honneursstudent op die Potchefstroom-kampus.

Nico is sedert sy kinderjare gehoor-gestremd, maar ten spyte daarvan was hy in 2007 13<sup>de</sup> van die top 20 matriculante in die Noordwes-provinsie. Daarna het hy tydens sy voorgraadse studies vir BCom (Geoktrooieerde Rekenmeester) aan die einde van elke jaar al sy vakke met onderskeiding geslaag.

Terwyl mense met normale gehoor klanke tussen 40 en 60 desibels kan hoor, kan Nico sonder sy gehoorapparate met sy regteroor net klanke bo 60 desibels en met sy linkeroor klanke in die hoë vyftigs hoor.

Dit beteken dat hy sonder gehoorapparate feitlik geen spraak teen normale intensiteit kan hoor nie. Die gevolge daarvan is gewoonlik spraakprobleme, taalvertraging, leerprobleme en swak ouditiewe aandag.

In Nico se geval is dié negatiewe gevolge grootliks afgeweer.

## Intense taalopleiding

Volgens Nico se ma, me Retha Potgieter van die vakgroep Biochemie op die Potchefstroomkampus, is dit te danke aan die feit dat Nico van kleinsaf blootgestel was aan intensiewe taalopleiding, dat hy as gehoorgestremde in 'n hoofstroomskool kon skoolgaan.

Dié daaglikse vier uur lange taalopleiding was eintlik gemik op Nico se ouboet, Gielie, wat 'n meervoudig gestremde dowe is. Nico was vyf maande oud toe Gielie, wat boonop ook verstandelik gestremd is, se gehoorverlies uiteindelik akkuraat gediagnoseer is.

As baba en kleuter was Nico altyd binne hoorafstand terwyl Retha vir Gielie die taalopleiding gegee het – iets waarby hy op die ou end baie baat gevind het.



## In die klas

Behalwe sy gehoorgestremdheid, het Nico ook 'n lae spiertonus en moes hy reeds op baie jong ouderdom spraak-, fisio- en arbeidsterapie kry.

Saam met die taalopleiding het dit hom egter in staat gestel om na 'n gewone skool, Laerskool Worcester-Noord in Worcester, te gaan.

Nadat hy aanvanklik moeilik aangepas het op skool, het hy sedert graad drie begin presteer en tydens sy hoërskoolloopbaan in Hoërskool Ferdinand Postma, in Potchefstroom, het hy dié akademiese prestasie voortgesit.

Terwyl hy op skool bekend was as die outjie wat voor in die klas sit omdat hy doof is, het die groter klasse op universiteit meegebring dat Nico se medestudente hom eers as persoon, en daarna as gehoorgestremde leer ken het.

“My dosente is ook baie hulpvaardig en gee nie om om iets te herhaal as ek dit nie gehoor het nie,” sê Nico.

Vir 'n gehoorgestremde kan die lawaai van 'n vrolike studente-omgewing nogal

steurend wees, maar volgens Nico skakel die moderne gehoorapparate wat hy het, dié agtergrondgeraas darem grootliks uit.

Hoewel hy nie lippe lees nie, vind hy dit tog moeiliker om te hoor wanneer iemand wegkyk as hulle met hom praat of wanneer die persoon agter hom staan en praat.

Nico glo dat sy gehoorgestremdheid hom nie eendag in sy loopbaan as ouditeur sal pootjie nie.

Hy sê as hy wel die geleentheid sou kon kry om iets in sy lewe te verander, sou hy dalk meer sportief wou wees – iets wat die lae spiertonus tans nie moontlik maak nie.

## Belangstellings

Vir ontspanning kyk hy graag sport en lees – veral satiriese fiksie. Hy het nie juis voorkeure as dit kom by sy toekomstige blyplek nie.

“Stad of platteland maak nie eintlik saak nie – ek sal gaan waarheen die lewe my vat,” sê hy.

Tog is hy baie lief vir woestyne en is een van sy gunstelingbestemmings die Karoo.

“Ek sal ook graag eendag die stad Brugge in België wil besoek. Dit lyk na 'n mooi stad en boonop is die mense daar Vlaams magtig, wat baie ná aan Afrikaans is.”

Daar is talle uitblinkers tussen die NWU-studente – ook 'n hele aantal studente wat gestremd is. Mense soos Nico is egter een van die min merkwaardige studente wat in albei groepe val.

Daarvan getuig sy klinkklare sukses-storie immers.

# Sal ons ou kennise ooit vergeet ...

Gesprekke wat begin met "onthou jy nog" en "waar's die dae" was aan die orde van die dag waar alumni van die NWU al vanjaar saam gekuier het.

**B**y een van dié geleenthede het alumni van die Mafikengkampus 'n bemagtigingswerkwinkel op 2 April 2011 in Gabarone, Botswana, bygewoon.

"Die werkwinkel was daarop gerig om alumni te bemagtig vir die kompeterende arbeidsmark," sê me Susan van Rooyen, alumni-koördineerder op die Mafikengkampus.

Ebio, 'n ekonomies-maatskaplike ontwikkelingsmaatskappy, het 'n deel van die werkwinkel gefasiliteer.

Die onderwerpe wat op die agenda was, sluit in CV-samestelling en -opdatering, onderhoudtegnieke, die opstel van 'n besigheidsplan en loopbaanbeplanning.



By die bemagtigingswerkwinkel is voor van links, mnr Tsepo Dipatane, me Connie Legodi-Bogatsu en me Susan van Rooyen. In die middel van links is mnr Lebogang Mokgotlhe, mnr Treasure Mothobi, mnr Tsholofelo Monametsi, me Lerato Barakanye, en mnr Isaac Makoi. Agter van links is mnr Friday Leburu, mnr Centy-Saint Sebopelo, me Maggie Mosetsana, mnr Unre Visagie (van die Ebio-program), mnr Isaac Phala (Ebio-webbeampte), me Tebogo Lefatshe, me Kegomoditswe Mosime, en mnr Eric Kenosi.



Mnr Rob Fradgley en sy vrou, me Tracy Jayne Fradgley, alumni van die Vaaldriehoek-kampus, geniet die alumnifunksie terwyl Marilyn Monroe 'n wakende ogie in die agtergrond hou.

## Leef met oorgawe

Alumni van die Vaaldriehoek-kampus het op 7 Mei vanjaar die lewe gevier tydens 'n glansgeleentheid by die Quest Conference Estate in Vanderbijlpark.

Volgens me Alwine Naude, die kampus se alumni-koördineerder, wou hulle daarmee die nagraadse alumni bedank vir hul volgehoue verbintenis met die kampus en hul voortgesette toewyding tot akademiese leer.

Tydens dié geleentheid is die musiekblyspel, *Vivere!* – wat beteken om met oorgawe te leef – op die planke gebring.

## Gesondheid!

As jy waardering het vir die pikante aromaprofiel van 'n goeie oesjaar, is die aktiwiteite van die alumni-wyngilde van die Potchefstroomkampus 'n moet vir jou.

Dié gilde se maandelikse wynproe-aande by Christa Galli, net buite Potchefstroom, lok tot 60 mense per geleentheid. As jy by die gilde wil aansluit of die Augustus-

geleentheid wil bywoon, skakel voor 1 Augustus 2011 vir me Yolandi Yssel van die alumni-kantoor by 018 299 2768.

Maar as jy jou glasie liever op die "19<sup>de</sup> putjie" wil lig, is die alumni-gholfklub nommerpas vir jou.

Dié klub het in die eerste helfte van 2011 reeds verskeie gholfoettoenooie gehou, onder meer die klubkampioenskappe in Februarie in

Potchefstroom en die interuniversitêre Davis Cup-toernooi in April op die Johannesburg Royal-gholfbaan.

Vir die tweede helfte van die jaar beplan hulle nog so vier of vyf kompetisies waar NWU-alumni die alumni van onder meer die universiteite van Johannesburg, Stellenbosch en die Vrystaat die stryd sal aansê. Skakel gerus vir mnr Frik Prinsloo by 018 299 2770 vir meer inligting hieroor.

# Die NWU sing 'n ander deuntjie

**N**a die samesmelting in Januarie 2004, het die Noordwes-Universiteit 'n universiteitslied, die *Mmaarona*, in gebruik geneem.

Sedertdien het die Institusionele Bestuur (IB) terugvoer gekry dat dié lied betekenisvol, maar moeilik is om te sing, en het hulle besluit om dit te wysig.

## 'n Deursigtige proses

Die proses het vroeër vanjaar 'n aanvang geneem toe personeel en studente uitgenooi is om aan 'n aanlyn-meningsopname deel te neem en na die huidige lied en die voorgestelde, gewysigde lied te luister en te sê wat hulle daarvan dink.

Na aanleiding van oorweldigende positiewe reaksie vanaf studente en personele wat die voorgestelde hersiene lied verkies

het, het die IB dit goedgekeur dat die hersiene weergawe van die universiteitslied die huidige amptelike lied, *Mmaarona*, moet vervang.

Altesaam 1 266 respondente het aan die aanlyn-meningsopname deelgeneem, waarvan 36% personeel en 64% studente was.

Uit die totale getal respondente het 73% aangedui dat hulle die voorgestelde hersiene weergawe verkies, en 27% was ten gunste van die huidige lied.

## Die pad vorentoe

Die lied sal egter nie net soos dit nou is in gebruik geneem word nie.

'n Taakspan is byeengeroep om toesig te hou oor die finalisering van die lied en 'n plan om die hersiene lied bekend te stel.



## DIE OUE

*Mmaarona* is vir die eerste keer deur die NWU-koor op 14 April 2004 tydens die inhuldiging van die kanselier, Kgosi Leruo Moletlegi, en die visekanselier, dr Theuns Eloff, gesing.

Die lied is as een van die nuwe simbole van eenheid vir die saamgesmelte Noordwes-Universiteit deur prof Awie van Wyk gekomponeer.

Die lirieke is deur prof Hein Viljoen, in

samewerking met mnr Tshwaro Abram Pule, me Vera Motsilanyane en me Thersio Tsambo van die Mafikengkampus geskryf.

Hulp en advies rakende die Setswana is van dr Rigardt Pretorius, mnr Johan Zerwick, dr Maria Letsie en me Karien Brits ontvang.

Prof Awie en prof Hein Louw was verantwoordelik vir die musiek, terwyl mnr Pieter de Bruin vir die ontwikkeling en orkestrasie gesorg het.



## DIE NUWE

Die voorgestelde universiteitslied is geskryf deur mnr Corneels Schabort en me Success Lekabe. Mnr Katlego Maboe was verantwoordelik vir die melodie en Flip-a-coin het dit verwerk.

*Mo re agang matla teng  
Mo releng teng, mafikeng  
Godimo ga Lefika  
Re boloke*

## Setswana-refrein

*Morena  
Re rute  
Re kgone go rutana*

*Waar die wilgers welig spruit,  
Doringboom sy skadu sprei  
Soos ons groei in kundigheid  
Sal U ons lei*

## Afrikaanse refrein

*Seën ons, o Heer  
Lei met U hand  
Laat U seën rus oor ons land*

*Three strong streams united flow  
Africa stands proud and tall  
As we learn, we trust, we know  
God is in control*

## Engelse refrein

*Bless us, oh Lord  
Guide us with grace  
May North-West be blessed always*

*Bless us, oh Lord  
Seën ons, o Heer  
Tlhogonolofatsa*

*Boloka  
Seën ons  
Bless us, oh Lord*



Susie is 'n mediese simulasiepop wat voortaan gebruik sal word om farmasie-studente op te lei in die simulasie-apteek en -kliniek wat onlangs op die Potchefstroomkampus geopen is. Sy haal asem, sy het 'n sirkulasiestelsel, bloeddruk, hart- en longkranke, sy kan inspuittings kry, haar oë knip en sy kan selfs praat, danksy die mikrofoon wat aan die instrukteur gekoppel is.

# NWU ontvang eerste simulasiepop in SA

**D**ie Potchefstroomkampus het pas geskiedenis gemaak deur die eerste ontvanger in Suid-Afrika te wees van 'n mediese simulasiepop.

Hierdie pop is Susie gedoop, en sal voortaan gebruik word om farmasie-studente op te lei.

Volgens dr Johan Lamprecht, 'n senior lektor in die Skool vir Farmasie, is Susie vanuit Amerika teen 'n bedrag van R250 000 ingevoer.

"Susie maak deel uit van die nuutste tegnologie en nader as 'n regte pasiënt sal jy nie kry nie. Sy haal asem, sy het 'n sirkulasiestelsel, bloeddruk, hart- en longkranke, sy kan inspuittings kry, haar oë knip en sy kan selfs praat, danksy

die mikrofoon wat aan die instrukteur gekoppel is.

"Sy word deur 'n rekenaarstelsel beheer en kan dus enige van die toestande simuleer waarmee die aptekers in 'n kliniek in aanraking mag kom," voeg hy by.

Wat egter meer indrukwekkend is, is dat die student wat in opleiding is, selfs by Susie bloed kan trek en 'n vingerprik kan uitoefen.

Verskillende siektetoestande kan nageboots word waar die pop se asemhaling versnel kan word, en selfs diabetiese swere onder die voete kan voorkom.

Volgens dr Johan verseker dié simulasiepop dat die jong aptekers, teen die tyd dat

hulle die universiteit verlaat, in so 'n mate gereed sal wees soos wat dit in die verlede nooit moontlik was nie. Die nuwe inisiatief gaan gepaard met die opening van 'n simulasie-apteek en -kliniek op die Potchefstroomkampus – 'n eerste in die land.

"Die doel van die kliniek, apteek en Susie is om die teorie en praktiese toepassing byeen te bring. In die gesimuleerde apteek en kliniek sal die studente elke taak kan uitvoer, en ons sal in staat wees om hulle te assesser terwyl hulle werk," sê dr Johan.

Susie is ten volle mobiel en word met geen elektriese drade aan haar rekenaar-beheerstelsel gekoppel nie, wat dit makliker maak om haar rond te skuif en verskeie mediese noodtoestande te simuleer.

## Mafikeng kry eie radiostasie

Die Onafhanklike Uitsaaioowerheid van Suid-Afrika (ICASA) het 'n laevermoë-uitsaailisensie vir die Mafikengkampus goedgekeur. Die stasie sal op die 105.5 FM-frekwensie uitsaai, wat Mafikeng en die omliggende streke sal dek.

NWU FM, die kampus se splinternuwe radiostasie, het mnr Peter Vusumusi Manzana as stasiebestuurder aangestel.

Peter is 'n gewilde radiopersoonlikheid en het reeds heelwat ervaring in die uitsaaioomgewing. Hy was 'n aanbieder by Radio Mmabatho en later by Motsweding FM, waar hy 'n wye verskeidenheid programme vervaardig het.

Hy het ook by Mmabatho en Motsweding FM kletsprogramme met onderwerpe van nasionale belang aangebied.

Peter V, soos wat hy soms genoem word, is al vyf keer deur die bestuur en luisteraars van beide stasies as die aanbieder van die jaar aangewys.

Hy was ook een van die eerste aanbieders van North West FM, waar hy verantwoordelik was vir hul gewilde "Morning Drive Show".

# Nuwe afrigter vir Sokkerinstituut

Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus het mnr Augustine "Mthakathi" Makalalane, 'n voormalige Bafana Bafana-speler en hoofafrigter van Suid-Afrika se Nasionale Senior Vrouespan, Banyana Banyana, as sy nuwe afrigter aangestel.

Augustine is 'n kenner van die spel en beskik oor uitgebreide ervaring en al die regte kwalifikasies.

Hy het sy debuut in Julie 1992 teen Kameroen gemaak en daarna nog 14 keer vir Bafana Bafana uitgedraf. In 1996 was Augustine deel van die span wat die Afrikanasies-beker huis toe gebring het.

Mthakhathi, soos hy ook bekendstaan, beskik oor kwalifikasies in Sportwetenskap en onderwys. Hy het ook diplomas in Sportbestuur en "International Preliminary Coaching".

Dit sluit in 'n kursus in doelwagterafrigting, asook FIFA se hoogste afrigtingskwalifikasie, naamlik FUTURO I, II en III. Hy was hoofafrigter by die Vaal Universiteit



Mnr Augustine Makalalane is die Sokkerinstituut se nuwe afrigter.

van Tegnologie en die Universiteit van Johannesburg, sowel as die afrigtingsinstrukteur vir SAFA-afrigtingsopleiding. Hy was ook al 'n talentsoeker vir senior nasionale spanne en het hulle vir kompetisies voorberei.

"My werkervaring het my blootstelling gegee aan hoëverrigting- en ontwikkelingsbenaderings tot sokkerspelers en afrigting.

"Dit het van my 'n meer aanpasbare afrigter gemaak wat spelers verstaan," sê Augustine.

## Meestersgraad in Positiewe Sielkunde 'n eerste vir Vaaldriehoekkampus

Die Skool vir Gedragwetenskappe op die Vaaldriehoekkampus beoog om in 2012 'n meestersprogram in Toegepaste Positiewe Sielkunde te implementeer – 'n eerste in die land.

Die nuwe graad sal logiese loopbaanontwikkeling vanuit die voorgraadse en honneursprogramme in Psigologie en Bedryfopsigologie bied.

Verder is dit ook hoogs relevant vir mense wat in die sake- of openbare sektore werk, gegradueerdes wat loopbane in die gesondheids- en opvoedkundige sektore wil ontwikkel,

organisasie- of sakekonsultantmaatskappye, uitvoerende bestuurslui, menslike hulpbronpraktisyns en bestuurders.

Vaardighede en kennis wat opgedoen word, kan toegepas word in die liefdadigheids-, vrywillige- en maatskaplike ondernemingsektore, aangesien die program samewerkende sisteme en volhoubare welstand en ontwikkeling onderrig.

Die graad sal ook waardevol wees vir gekwalifiseerde kliniese sielkundiges, beraders, psigoterapeute, verpleërs en dokters wat van voorneme is om positiewe sielkundige

teorieë, navorsing en toepassings in hul kliniese werk te gebruik.

Die Optentia Navorsingsprogram sal navorsing in hierdie meestersprogram ondersteun.

Die oogmerk van dié navorsingsprogram is om kennis te ontwikkel oor hoe individuele, sosiale en institusionele potensiaal optimaal benut kan word, en ook om hierdie kennis beskikbaar te stel aan individue en besluitnemers. Die program werk saam met ander navorsingsinstellings in Suider-Afrika (insluitend Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe en Zambië).

# Ma en dogter kry saam graad

Dit is nie aldag dat twee gesinslede saam graad kry nie, en dit boonop nagraadse kwalifikasies.

Me Alwine Naudé, alumni-koördineerder, en haar dogter, me Viné Petzer, 'n dosent in die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe van die Vaaldriehoek-kampus, het in 2010 gegradueer.

Alwine het die graad BA Honneurs in Teologie verwerf, en Viné 'n MEd-graad.

Volgens Alwine was dié gradeplegtigheid 'n "onvergeetlike en vervullende" ervaring en getuig haar prestasie van die waardevolle les wat sy by haar kinders en kleinkinders geleer het, naamlik dat 'n lewe sonder drome nie die moeite werd is nie.

"Ek is baie emosioneel oor die ervaring wat ek en my dogter saam deurgemaak het en dit beteken vir my baie om die verhoog saam met haar te kon deel," verduidelik Alwine.



Me Alwine Naudé en haar dogter, me Viné Petzer, het geskiedenis gemaak deur saam hulle nagraadse kwalifikasies te ontvang.

Viné het bewys dat die spreekwoordelike appel nie ver van die boom val nie. Sy pak, nes haar ma, haar dagtaak met passie en oorgawe aan, en het reeds verskeie toekennings en eervolle vermeldings ontvang.

Hierdie ma en dogter maak beslis 'n gedugte span, en die vraag op almal se lippe is of ons hulle in die toekoms weer saam op die verhoog gaan sien.

## Afrikaanse SkryfGoed maak elektroniese skryfwerk nou 'n plesier

Dit is nie meer nodig vir Afrikaanse rekenaargebruikers om oorweldig te raak wanneer dit kom by korrekte skryfwerk in elektroniese mediums soos *Microsoft® Word* nie.

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXT®) op die Potchefstroomkampus se skryfhulpmiddels is tot Suid-Afrikaanse rekenaargebruikers se diens.

Dié sentrum se *Afrikaanse SkryfGoed* is die enigste versameling van vier Afrikaanse skryfhulpmiddels vir *Microsoft® Office*, en sluit die mees gevorderde Afrikaanse speltoetsers wat tans op die mark beskikbaar is, in.

Die Afrikaanse Speltoetsers pas ingewikkelde prosesse toe om woorde te evalueer, eerder as om hulle te vergelyk met woorde in 'n woordelys. Die hulpmiddel gee goeie voorstelle en alternatiewe vir spelfoute, herken outomaties nuwe samestellings en verbuigings van woorde, en spog met uitgebreide woordelyste.

Bo en behalwe die speltoetsers, sluit die *Afrikaanse SkryfGoed* ook 'n Afrikaanse grammatikatoetsers, 'n Afrikaanse tesourus en 'n Afrikaanse woordafbreker in.

Die grammatikatoetsers is die eerste Afrikaanse skryfhulpmiddel vir *Microsoft® Office* wat kan evalueer of taalgebruik in 'n teks aan sekere konvensies en reëls (grammatika) van 'n taal voldoen.

Die Afrikaanse Tesourus kikker skryfwerk op met sinonieme vir meer as 40 000 woorde, en vergemaklik die opsoek van woorde en herken verwante woorde.

Die Afrikaanse Woordafbreker help met die afbreek van woorde op die regte plek aan die einde van 'n reël.

*Afrikaanse SkryfGoed 2011* is volledig versoenbaar met *Microsoft® Office 2010* en is nou beskikbaar op [www.spel.co.za](http://www.spel.co.za), of kontak [verkope@spel.co.za](mailto:verkope@spel.co.za).

# NWU GAAN DAVISBEKER AANBIED

Die Euro/Afrika-Groep 1-Davisbeker-kompetisie tussen Suid-Afrika en Nederland gaan vanaf Vrydag 8 Julie tot Sondag 10 Julie 2011 in Potchefstroom op die NWU se sportterrein aangebied word.

Die Potchefstroomkampus het verlede jaar gasheer gespeel vir Spanje, die Sokkerwêreldbekerkampioene, en beskik oor uitstekende sportfasiliteite.

Daar is in die onlangse verlede twee internasionale junior toernooie in Potchefstroom aangebied by die Riaan Venter Tennisakademie, wat ook op die kampus geleë is. Dit is deels te wyte aan die sukses van beide toernooie dat die Suid-Afrikaanse Tennisvereniging besluit het om ook die Davisbeker hier aan te bied.

"Ons het Potchefstroom gekies omdat ons internasionale tennis na kleiner plekkies in Suid-Afrika wil bring, maar terselfdertyd moet ag slaan op die spelers se wens om hoog bo seevlak te speel," verduidelik mnr Ian Smith, SATA se hoof-uitvoerende beampte. "Potch was nog altyd baie goed vir tennis, en ons weet ons kan reken op die NWU se ondersteuning."

Mnr James Stoffberg, Direkteur van Sport op die kampus, verwag 'n eersteklasssportgebeurtenis. "Ons het reeds bewys dat ons internasionale geleenthede kan aanbied. Hier is alles wat nodig is. Dit is baie opwindend om 'n internasionale tennis-kompetisie by die NWU te kan aanbied."



# Sy bestyg die korporatiewe leer

**T**erwyl me Ntsoaki Gatebe in Sharpeville grootgeword het, was dit haar droom om eendag 'n verskil in mense se lewens te maak. As bestuurder van Mensehulpbronne by Eskom is dit presies wat sy nou doen.

Oortuig dat dit haar roeping is om met mense te werk, het Ntsoaki besluit om tussen 1998 en 2002 BA (Openbare en Privaatsektor) en BA Hons (Bedryfsielkunde) aan die Vaaldriehoekcampus te studeer.

Die kampus was destyds nog 'n satelliet van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met prof Piet Prinsloo as rektor.

"Ek het dié kampus gekies as gevolg van sy Christelike kultuur en sy reputasie as toonaangewende universiteit," sê sy.

## Baie pret

Ten spyte van finansiële uitdagings wat sy moes oorkom, het sy haar studente-ewe terdeë geniet.

Om 'n "Oorbietjie" te wees – met ander woorde 'n lid van die koshuis vir dagstudente van Vereeniging en Meyerton – was groot pret.

"Gedurende ons oriënteringsweek het ons baie gesing, speletjies gespeel en meer oor die universiteitskultuur geleer. Dit was wonderlik!"

Ander kosbare herinneringe is aan die tyd wat sy saam met vriende by die Joolplaas en op die oewer van die Vaalrivier deurgebring het.

## Leierskap

Ntsoaki glo dat die leierskaprolle wat sy tydens haar studente-jare vervul het, haar vir die wêreld van raadsale, oorlegpleging en besluitneming voorberei het.

Dié rolle het ingesluit die primariaskap van Dishweshwe, 'n nuwe dagkoshuis vir vrouestudente, asook die posisie as sekretaresse en later ondervoorsitter van die

Verteenwoordigende Studenteraad en as speaker van die Studenteparlement.

## Vroue beman die voorste linies

Sy het reeds as studente-leier besef dat vroue 'n groot verskil in die sake- en korporatiewe wêreld kan maak. "Om vroue as leiers aan te stel, is goeie sakepraktyk," sê sy.

Sy glo vroue is natuurlike versorgers, hulle luister met meer aandag en het die vermoë om te empatiseer sonder om té betrokke te raak.

## Met die leer na bo

Nadat sy graad gekry het, het sy haar loopbaan by Eskom begin, en dit het haar slegs drie jaar geneem om teen die korporatiewe leer op te klim tot by haar huidige posisie.

"Ek dink die geheim is dat ek van die begin af alles geleer het wat daar in my werksomgewing is om te leer. Dit het my baie gehelp en ek wil ander professionele vroue aanmoedig om dieselfde te doen."

Ntsoaki hou baie daarvan om Eskom se belangrikste bate, sy werknemers, te bestuur. "Dit is wonderlik om te sien hoe mense ontwikkel en tot hul volle potensiaal groei," sê sy.

## Iets persoonliks

Wanneer sy tuis in Drie Riviere-Oos in Vereeniging is, geniet sy en haar man Papi, 'n elektriese ingenieur, dit om met die drie-en-'n-half-jaar oue Jabulani te speel.

Omdat sy van nature 'n versorger is, is Ntsoaki opgewonde om weer swanger te wees. "Ons hoop dis dié keer 'n dogtertjie," sê sy.

Die jong student wat eenmaal in die lapa op die kampus langs die Vaalrivier dagdrome gedroom het,



Me Ntsoaki Gatebe

het 'n ver pad gekom. Vandag bou sy nie net haar eie loopbaan nie, maar as mensehulpbronspesialis dra sy ook by tot die ontwikkeling van haar medewerker se loopbane en bly sy so getrou aan haar roeping.

# Uitnemende dosente beloon

By die Noordwes-Universiteit gaan harde werk nie ongesiens verby nie.

Dit is bewys toe die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) vir 2010 vroeër vanjaar aan 46 dosente oorhandig is as beloning vir hul uitnemende onderrigvaardighede.

Boonop is drie kampuswenners en – uit hulle geledere – een algehele wenner tydens die bekroningsfunksie in Potchefstroom aangewys.

Prof Jaco Fouché van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus is die algehele wenner en mnr Dave Kawadza van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus en me Veruschka Pelsler-Carstens van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus is die ander twee kampuswenners.

Dit is die eerste keer dat 'n algehele wenner aangewys is om die nuut ingestelde Visekanselier-prestigetoekenning vir die beste NWU-dosent te ontvang.

Die wisseltrofee is tydens die bekroningsfunksie deur dr Theuns Eloff, die visekanselier, aan prof Jaco oorhandig.

## So werk dit

As deel van die streng ITOU- evalueringsproses, kyk panele na die dosente se portefeuljes, studente-terugvoer, innovasie en uitnemendheid in kontaksessies en die aanwending van tegnologie in onderrig-leer.

Die proses is daarop gemik om akademiese personelede wat betrokke is by onderrig aan die NWU aan te moedig om hul onderrigvaardighede te ontwikkel. Vir 2010 het altesaam 46 akademië instusionele onderrig-leertoekennings ontvang, teenoor die 36 vir 2009.

Die grootste toename in ontvangers van dié toekenning was op die Mafikengkampus, waar agt dosente vir 2010 toekennings gekry het, teenoor drie vir 2009.

Van die ander akademië wat vir 2010 toekennings ontvang het, was 32 van die Potchefstroomkampus en ses van die Vaaldriehoekkampus.

## Navorsers ontvang ook toekennings

Naas onderrig-leer is navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid net sulke belangrik aspekte van die kernbesigheid van die NWU.

Om NWU-navorsers te motiveer, word die mees produktiewe senior en junior navorsers en navorsingsentiteit jaarliks aangewys.

Daarby ontvang personeel ook erkenning vir visuele, uitvoerende of kreatieweskryfkuns-uitsette, vir innovering en vir die ontwikkelingsrol wat hulle in die gemeenskap speel.

Hou die volgende uitgawe van die NWU & U dop om te sien wie hierdie uitblinkers is.

*Teenwoordig by die ITOU-funksie is van links prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, Potchefstroomkampus, Prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte, prof Jaco Fouché van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus en algehele wenner, mnr Dave Kawadza, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus, dr Theuns Eloff, visekanselier, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, me Veruschka Pelsler-Carstens, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus en prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekkampus.*



# Vat hande vir 'n beter lewe

In die volgende uitgawes van NWU & U stel ons u graag bekend aan 'n paar van die gemeenskapsprojekte wat tans by die universiteit bedryf word. Ons fokus in hierdie uitgawe val op "Holding Hands" through LIFEPLAN®, 'n inisiatief deur die FLAGH- (Farm Labour And General Health) program van die Potchefstroomkampus.

Die hoofdoelwit van die FLAGH-program was om 'n haalbare en geskikte program te ontwerp en ontwikkel om plaasbewoners se lewens te verbeter.

Die "Holding Hands" through LIFEPLAN®-projek is daarna ontwikkel om mense te bemagtig en kapasiteit te bou.

Die projek het ten doel om vroue lewensvaardighede te leer waarmee hulle 'n inkomste kan genereer en wat van geslag tot geslag oorgedra kan word. Hierdie inisiatief bestaan uit vier groepe vroue wat van hulle eie persele af werk.

Die groepe word elk gelei deur vroue met verskillende vaardighede en is geleë in die kommersiële boerderygebiede in die Potchefstroom-, Ventersdorp- en Venterskroon-distrik.

Die vroue doen naaldwerk en maak ook artikels uit herwonne glas, byvoorbeeld kwilte, sakke, voorskote, glasdrupmatjies, bakke, krale en fotorame.

Die afgelope vyf jaar het die projek van 'n klein inkomste-genererende inisiatief gegroei tot 'n onderneming wat 'n gereelde getal kliënte met 'n uitgebreide reeks produkte bedien.

Die "Holding Hands"-projek was vir twee agtereenvolgende jare (2005 en 2006) die wenner van die SANTAM-kompetisie vir die beste inkomste-genererende projek vir vroue wat deur tersiêre instellings geïnisieer is.

Vir meer inligting oor die projek, produkte wat te koop is en skenkings om die inisiatiewe te ondersteun, kontak asseblief me Christi Niesing, projekbestuurder, by +27 18 299 2089 / +27 84 435 0025, of per e-pos by christi.niesing@nwu.ac.za.

Die FLAGH-program is 'n multisektor-navorsings- en intervensieprogram wat ontwikkel is as gevolg van navorsingsbevindings in die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHer), 'n navorsingseenheid in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

LIFEPLAN® is 'n voorvereiste vir die "Holding Hands"-projek en fokus op die ontwikkeling van lewensvaardighede, met die klem op algemene gesondheid, hanteringstrategieë, gesonde eetgewoontes en inkomstebestuur.



Produkte wat deur die vroue van die "Holding Hands"-projek gemaak is.



Me Baby Skafungane en haar baba, Kedibone.

Die inkomste wat die vrou verdien, het 'n beslissende en positiewe uitwerking op hulle daaglikse lewens en ook op dié van hulle gesinne, maar bowenal het dit die grootste uitwerking op hulle selfgting en eiewaarde.

Me Baby Skafungane is een van die vroue wat aan die glasprojek net buite Potchefstroom deelgeneem het.

Sy voel dat haar lewe deur hierdie program verbeter is:

Hi, my is Baby  
The Project means alot to me  
Beacuse I did not know anything about the Project  
but now I know manything that I have learn  
it last I have learn something in my life.  
sometime I will do my own thing and sell it  
so that I can get some money

# UPSET is 'n eerste vir Vaal

**A**s jy dink die akroniem UPSET verwys na hartseer of ontsteltenis, slaan jy die bal mis!

Trouens, navorsers op die Vaaldriehoek-kampus is alles behalwe ontsteld oor UPSET, wat die eerste navorsingsfokusarea is wat op dié kampus tot stand gekom het.

UPSET, wat in 2010 goedgekeur is, staan vir *Understanding and Processing Language in Complex Settings*. In Afrikaans is dit die Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings.

“UPSET se visie is om navorsing te doen oor hoe taal in komplekse omgewings verstaan en geprosesseer word, spesifiek op die terreine van vertaalstudies en meertaligheid,” sê prof Bertus van Rooy, die direkteur van dié splinternuwe entiteit.

## SA-omgewing is ideaal

Tradisionele navorsing oor die aanleer en gebruik van taal is dikwels gebaseer op die aanname dat mense gewoonlik eentalig is. Gevolglik word meertaligheid as 'n 'probleem' gesien.

Die navorsers van UPSET hoop juis om met hul navorsing die realiteite van meertalige



*Oogvolginstrumente soos dié help die navorsers van UPSET om uit te vind hoe mense taal verstaan en prosesseer.*

mense wat taal in komplekse omgewings aanleer en gebruik, te weerspieël.

## Instrument volg oogbewegings

Een van die interessante ontwikkelinge in UPSET is die gebruik van 'n oogvolgstelsel om uit te vind wat gebeur in die brein

terwyl iemand probeer om 'n taal te verstaan en te prosesseer. Terwyl 'n persoon 'n teks lees, neem die stelsel tot 500 foto's per sekonde van die oë en rekonstrueer dan hoe die oë die inligting van 'n rekenaarskerm vol woorde of beelde opgeneem het.

## So lees mense TV-onderskrifte

In een van UPSET se eerste eksperimente wat met die oogvolgstelsel afgeneem is, het hulle gekyk na die geslaagdheid van Engelse tweedetaalonderskrifte, met ander woorde, hoe goed mense Engelse onderskrifte lees wanneer Engels hul tweede taal is.

In fase 1 van die eksperiment het 20 Afrikaanssprekende studente na 'n Franse kortfilm met Afrikaanse en Engelse onderskrifte gekyk terwyl hul oogbewegings deur die oognavolger afgeneem is.

As kontrole het 10 Engelssprekende en 10 Afrikaanssprekende studente dieselfde film met slegs Engelse en Afrikaanse onderskrifte onderskeidelik gekyk.

Ondersoek is ingestel na hoofsaaklik twee aspekte: prosessering en aandagverdeling. Wat prosessering betref, het hulle gevind

dat sommige Afrikaanse lesers die Engelse onderskrifte met 'n bietjie meer moeite gelees en geprosesseer het as die Engelse lesers.

## Verskillende kykpatrone

In terme van aandagverdeling is ontdek dat Afrikaans- en Engelssprekende lesers verskillende kykpatrone het. Engelssprekende lesers het baie meer rondgespring tussen die onderskrifte en die res van die beeld-materiaal.

Die Afrikaanssprekende lesers het eers alles deurgelees en dan opgekyk na die beeld-materiaal en het dus nie baie tyd gehad om rond te spring tussen die twee nie. Dit het selfs nog meer gebeur terwyl hulle die Afrikaanse onderskrifte gelees het.

Die interessante bevinding hier was dat party van die Afrikaanssprekende lesers hul kykpatrone verander het wanneer hulle die

Engelse onderskrifte gelees het, en in so 'n mate dat dit byna dieselfde was as dié van die Engelssprekende lesers. Dit dui daarop dat hulle meer gewoond is daaraan om Engelse onderskrifte as Afrikaanse onderskrifte te lees.

## Bevindinge

Die primêre bevinding van die studie is dat Engelse onderskrifte moeiliker gelees word deur tweedetaal- as deur eerstetaalsprekers.

Sekondêre bevindinge sluit in dat Engelse onderskrifte anders as Afrikaanse onderskrifte gelees word, en dat lesers waarskynlik nie daaraan gewoond is om onderskrifte in Afrikaans te lees nie.

Verder is daar ook bevind dat lesers in geheel te veel tyd aan die onderskrifte spandeer en nie genoeg tyd vir hulself laat om na die res van die beeldmateriaal te kyk nie.

# Hier ruik jy katbos en kambro

**H**ier kan jy jou sintuie vrye teuels gee. Dit besef ek net nadat ek by die ysterhek van die NWU se Botaniese Tuin op die Potchefstroomkampus ingestap het.

Bokant my ritsel die wind in die takke van die hoë, inheemse bome. Langs my blink die blou-en-wit weerkaatsing van die lug tussen lelieblare in 'n visdam.

Ek stap verby klip- en metaalkunswerke, tot by die glashuis vir tropiese plante.

Daarbinne breek ek 'n stokkie af van die kaneelplant, *Cinnamomum verum*. Die geur daarvan voer my terug na 'n reënerige aand in 'n plaaskombuis.

'n Gekneusde blaar van die kieffer-lemmetjie (*Citrus hystrix*) ruik soos 'n delikate versnit tussen suurlemoen en peperment.

## **Babavoete**

In die glashuis langsaan vat ek aan die pofferige fluweelblare van 'n vetplant wat in die volksmond as babavoete bekend staan. Ság inderdaad, voel ek.

"Dis die babavoetjie, oftewel *Cotyledon tomentosa*, wat in die Klein Karoo voorkom," verduidelik mnr Martin Smit, die kurator van die Botaniese Tuin.

Martin, wat 'n meestersgraad in Plantkunde op die NWU se Potchefstroomkampus behaal het, is 'n geesdriftige gids.

In die glashuis wys hy vir my 'n plant wat vir my leke-oog na 'n vervormde bonsai lyk. Dis *Fockea edulis*, oftewel kambro, verduidelik hy.

Verskeie kambro-spesies groei van die Suid- en Oos-Kaapomgewing tot in Namakwaland en selfs die Kalahari.

Die vlesige wortel dien sedert die dae van die Khoi en San as voedselbron en word deesdae nog hier en daar gebruik vir konfytkook.

Ons kyk ook na die wilde gemmer, *Siphonochilus aethiopicus*. Dié uiters bedreigde plant kom vermoedelik reeds nie meer in die natuur voor nie.

Mnr Martin Smit, kurator van die Botaniese Tuin, by die Victoria-lilie. Die sade vir dié plant kom oorspronklik van die Universiteit van Helsinki af, waar die plante reeds sedert die middel 1800's deel van dié universiteit se versameling is.

Die bordjie by dié plant dui aan dat die wortelstok vir koors, malaria, verkoue, griep en asma gebruik kan word. Geen wonder dus dat dit feitlik uitgeroei is nie.

### Pitkos vir die brein

Die Botaniese Tuin met sy meer as 1 500 plantspesies betower nie net die sintuie nie – dit stimuleer ook die brein.

Dié tuin is die enigste botaniese tuin in die Noordwes-provinsie en van die min botaniese tuine in Suid-Afrika wat vir plattelandse gemeenskappe bereikbaar is.

Die Botaniese Tuin ondersteun ook plaaslike inisiatiewe, byvoorbeeld gemeenskaps- en skooltuine. Behalwe dat studente van die NWU deel van hul prakties in die Botaniese Tuin doen, besoek skoolgroepe die tuin ook dikwels.

Tydens georganiseerde geleenthede soos die jaarlikse nasionale Wetenskapsweek word besoekende leerders byvoorbeeld by die Botaniese Tuin blootgestel aan onder meer die biologiese wetenskappe en omgewingskwessies.

Buiten sy opvoedingsrol, speel die Botaniese Tuin ook 'n belangrike bewaringsrol.

Hulle kweek byvoorbeeld bedreigde plantspesies van onder meer die Noordwes-provinsie, waaronder die kritiek bedreigde vuurpyl-aalwyn (*Aloe peglerae*), die plaaslik bedreigde bosveldvygie of brakvygie (*Nananthus vittatus*) en vuurpyl (*Kniphofia ensifolia*).

Van die ander interessante en skaars Suid-Afrikaanse plante in die Botaniese Tuin is die toontjies (*Frithia humilis*), ghaap (*Hoodia gordonii*), peperbasboom

(*Warburgia salutaris*), kougoed (*Sceletium tortuosum*), Clanwilliam-seder (*Widdringtonia cedar-bergensis*) en die kamferbos (*Tarchoanthus camphorates*).

Behalwe vir opvoedkundige en bewaringsdoeleindes, word baie van dié plante ook vir navorsing gebruik, onder meer vir plantkunde en farmakologie.

### Geveerdes en geskubdes

Buiten plante, is daar ook sowat 98 voëlspesies wat sedert die 1980's in die Botaniese Tuin opgeteken is. "Die paradysvlieëvanger, wat nie eie aan die gebied is nie, broei byvoorbeeld gedurende die somer hier by ons en hul getalle neem steeds toe," sê Martin.

Ons loop verby 'n dammetjie waarin visse vinnig wegflits. Hulle het die uitheemse vissoorte met inheemse soorte soos die vleikurper vervang, vertel Martin.

Slange soos die rooilipslang is ook deel van die biodiversiteit van die Botaniese Tuin, maar dié skugter geskubdes sien 'n mens nie maklik raak nie. Hulle verkies die ongereptheid van die gedeelte rondom 'n geboude heuwel, wat as veldtuin bestuur word.

Die res van die tuin is meer gestruktureerd en bevat verskeie tema-tuine, insluitende 'n plant-evolusietuin, 'n groente- en kruietuin, 'n moerastuin, 'n rotstuituin en 'n indringeruitstalling.

Bokant ons begin die weer rammel.

'n Namiddag-donderstorm knip my besoek aan die Botaniese Tuin kort, maar ek weet: ek sal weer terugkom. Gereeld, want dis 'n eenstopbestemming dié, waar natuurliefhebbers nie net sintuiglik nie, maar ook intellektueel gestimuleer word.

## So groei die tuin

Die idee vir die hedendaagse Botaniese Tuin het in 1962 ontkiem, toe dr Wynand Louw, 'n plantkundedesent, 'n stuk grond gekry het om plante te kweek vir navorsing en vir die studente se praktiese werk. In 1973 is die eerste kurator, mnr Bert Ubbink, aangestel en op 24 November 1982 is die Botaniese Tuin amptelik vir die publiek geopen. Nadat fondse en personeel gedurende die 1990's besnoei is, het die tuin weer 'n oplewing getoon toe 'n kurator in 2003 aangestel is.

## Besoekers is welkom

Die NWU se Botaniese Tuin is in Calderbankstraat in Potchefstroom geleë en is in die somer op woensdae tussen 08:00 en 16:30 oop vir besoekers. In die winter is die tuin tot 16:00 oop. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan [huib.vanhamburg@nwu.ac.za](mailto:huib.vanhamburg@nwu.ac.za) of besoek die webblad by [http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-sgb/botanic\\_a.html](http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/p-sgb/botanic_a.html)



Die blare van die *Cotyledon orbiculata* lyk en voel nes sagte babavoete. Studente van die Potchefstroomkampus, onder leiding van prof Sandra van Dyk van Farmasie, gebruik dié plante in die Botaniese Tuin vir navorsing oor hul antioksidant-inhoud en moontlike medisinale gebruik.



## Unieke waterlelie gedy

Een van die indrukwekkendste plante in die Botaniese Tuin is die Victoria-lelie (*Victoria cruziana*), wat natuurlik in tropiese Suid-Amerika voorkom. Dié plant, wat gedurende die somer op spesiale versoek in die tropiese glashuis besigtig kan word, moet elke jaar opnuut van saad gegroei word.

"Dit groei in een seisoen van 'n saad so groot soos 'n ertjie, tot 'n plant met blare wat heelwat groter as 'n meter in deursnee kan word," sê mnr Martin Smit, die kurator.

Die plant blom slegs twee aande. Die eerste aand is die blom wit en het 'n sterk pynappelgeur en die tweede aand is die blom pienk. Die blom word in die laatsomer bestuif en die sade word geoes sodat dit in die volgende groeiseisoen weer geplant kan word.

# Baanbreker van die regbank

Die NWU spog met talle skitterende sterre onder sy alumni. Een van die helderste onder hulle is regter Yvonne Mokgoro. Sy het die NWU & U per e-pos vertel van haar roemryke loopbaan as regter in die Konstitusionele Hof, haar uiters besige "aftrede", en haar voortgesette verbintenis met die Noordwes-Universiteit.

**R**egter Yvonne Mokgoro, alumnus van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana, is deel van 'n klein, gesiene groep mense wat die naam "baanbreker" werklik waardig is.

Sy was die eerste swart vroueregter in Suid-Afrika, en ook een van die regters wat die langste in die Konstitusionele Hof gedien het. In haar 15 jaar daar het sy en die ander regters van die hof baanbrekersuitsprake gelewer, insluitend dié wat tot die afskaffing van die doodstraf in Suid-Afrika en die erkenning van gay huwelike gelei het.

'n Baanbreker word jy egter nie oornag nie. Dit verg moed, deursettingsvermoë en baie harde werk.

## Laat geregtigheid seëvier

Regter Yvonne is in die Galeshewetownship naby Kimberley gebore, en het 'n agtergrond as aktivis. As 'n jong vrou in Kimberley het sy in die bresse getree vir 'n man wat deur die apartheidspolisie vir 'leeglêry' gearrester is, en sommer self 'n nag in die tronk deurgebring.

Die volgende dag het die bekende lid van die Pan Africanist Congress, mnr Robert Sobukwe, haar vrylating gereël en voorgestel dat sy dit moet oorweeg om 'n prokureur te word. Dit was genoeg om haar te inspireer om 'n regsloopbaan te kies.

Sy het dié droom in haar hart gekoester totdat sy in 1981 by die Universiteit van Bophuthatswana kon inskryf om deelyds Regte te studeer.

"Ná 'n vol werksdag het ek klasse bygewoon, en in die vroeë jare moes ek saans kampus toe en terug loop, omdat ek nie vervoer gehad het nie. Om alles te kroon,

het ek terselfdertyd nog drie hiperaktiewe seuns grootgemaak."

Ten spyte van hierdie uitdagings het sy in 1982 'n BJuris-graad verwerf, in 1984 'n LLB en in 1987 'n LLM.

Sy dink met groot nostalgie terug aan haar studentejare.

"Omdat ons klasse klein was, was ons soos broers en susters vir mekaar, en het ons ons professore op die voornaam genoem. Geen student was onsigbaar nie, en ons het ten volle en vryelik aan klasbesprekings deelgeneem – iets wat ons selfvertroue 'n geweldige hupstoot gegee het."

## In diens van die akademie

In haar nagraadse jare het sy tot in 1991 aan die voormalige Universiteit van Bophuthatswana klasgegee, en mettertyd tot medeprofessor gevorder.

Van daar is sy na die Universiteit van die Wes-Kaap, en toe na die Sentrum vir Konstitusionele Analise by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing as 'n spesialisnavorsers (menseregte).

In Oktober 1994 het sy 'n lid van die Konstitusionele Hof geword – 'n posisie wat sy beskryf as 'n voorreg wat sy vir altyd sal waardeer.

"Dit was 'n buitengewone ervaring om deel te wees van 'n regbank wat die eerste fundamente van 'n nuwe grondwetlike regs wetenskap in Suid-Afrika gelê het, en so nasionale en internasionale respek vir homself en die land verdien het," sê sy.

## Watwou aftree!

Hoewel sy afgetree het as lid van die

Konstitusionele Hof, dien sy steeds as die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Regshervorming – 'n instelling waarvan sy reeds sedert 1995 'n lid is.

Sy is ook in beheer van die vestiging en administrasie van die Kantoor van die Hoofregter, wat vroeër hierdie jaar as 'n nasionale departement op sy eie tot stand gebring is.

"Intussen dien ek steeds in die rade en direksies van 'n aantal liggame en instellings en het die uitnodigings om as spreker op te tree, met rasse skrede toegeneem sedert ek weg is van die Konstitusionele Hof.

"Ek begin vermoed dat die idee van aftrede ietwat van 'n mite is. Dit lyk asof ek dalk eendag as afgetredene wéér sal moet aftree.

"Ek hoop regtig my begeerte vir 'n stiller lewe in die toekoms is nie net 'n hersenskim nie."

## Bly in kontak

Ten spyte van haar druk skedule het regter Yvonne nog steeds nou bande met die Noordwes-Universiteit.

Sy neem aan alumni-aktiwiteite deel wanneer sy kan, spreek die Regsfakulteit se studente en akademië toe en lewer toesprake by gradeplegtighede.

"Ek is ook die trotse ontvanger van 'n LLD – Honoris Causa – wat die voormalige Universiteit van Bophuthatswana aan my toegeken het," vertel sy.

Dit is egter nie die enigste eregraad wat sy ontvang het nie.

Vyf ander universiteite het eredoktorsgrade in die Regte aan haar toegeken.

Hulle is die universiteite van KwaZulu-Natal, die Wes-Kaap en Pretoria in Suid-Afrika, en Toledo (Ohio) en Pennsylvania in Amerika.

### **Oos wes, tuis bes**

Nadat sy omvattend gereis het vir haar studies en werk, en die land tydens haar loopbaan in talle dele van die wêreld verteenwoordig het, is Suid-Afrika steeds haar hartsland.

“Dit is my land hierdie – die enigste plek waarna ek verlang wanneer ek weg is en die enigste land waaroor ek so passievol is, dat wanneer dit onregverdig gekritiseer word, dit my persoonlik kwets.”

Regter Yvonne sê sy is lief vir die kleurryke en uiteenlopende mense van Suid-Afrika.

“Ten spyte van hulle diep en ontstellende teenstrydighede, veroorsaak hulle warmte en geweldige sin vir humor dat hulle dikwels die enigste mense is wat werklik vir hulself kan lag,” sê sy.

En dan is daar natuurlik die sonnige weer, en die kos en die wyn. . . vreugdes wat sy as ‘manjifiek’ beskryf.

## *Mense en hul regte*

Is Suid-Afrikaners bewus genoeg van hulle menseregte?

Ja, in 'n mate, sê regter Yvonne.

Maar sy het ook 'n paar voorbehoude:

“Hoewel die Suid-Afrikaanse samelewing oor die algemeen selfgeldend is ten opsigte van hul regte, het die meerderheid nie genoeg kennis van wat dié regte behels nie.

“En selfs wanneer mense wel hulle regte ken en daarop aandring, word regsopptrede vermy as gevolg van hoë regs-koste.

“Dit maak toegang tot mense-regte, beskerming oor die algemeen en geregtigheid in die besonder 'n groot uitdaging.”



## Vroue en kinders na aan haar hart

Menseregte, veral dié van vroue en kinders, lê regter Yvonne na aan die hart.

“Ons het al ver gekom sedert voorspraak vir vroue- en gepaardgaande kinderregte as die geraas van 'n gefrustreerde feministiese brigade, of as 'n magstryd tussen die geslagte beskou is.

“Vandag word dit algemeen aanvaar dat vroue- en kinderregte ook menseregte is en dat die beskerming van hierdie regte strategies belangrik is vir maatskaplike ontwikkeling en uiteindelik ook vir nasionale ontwikkeling.

“Na my mening mag die ontwikkeling van 'n nasie nie gemeet word in terme van sy vermoë om oorlog te maak nie, maar in terme van die ontwikkeling van sy vroue en die beskerming van sy kinders.

“'n Spesifieke fokus op die ontwikkeling van vroue sal hulle bemagtig om deel te neem aan nasionale ontwikkeling en die skep van vrye samelewings – iets wat uiteindelik weer tot voordeel van die samelewing as geheel sal strek.”

# Ontmoet vandag en môre se leiers

Tydens 'n onderhoud met die drie voorsitters van die NWU-kampusse se verteenwoordigende studenteraad het hul jeugdige entoesiasme en blinkoog-optimisme sterk na vore gekom.

Hierdie jong studenteleiers is mnr Mwanawina Ilyayambwa van die Mafikeng-

kampus, mnr Jaycee van Rooyen van die Potchefstroomkampus en mnr Tugela Mpele van die Vaaldriehoekkampus.

Behalwe dat daar 'n verteenwoordigende studenteraad (VSR) op elkeen van die drie kampusse is, het die NWU ook 'n institusionele VSR waarop die drie kampusvoorsit-

ters – saam met drie ander VSR-lede van elke kampus – hul kampusse verteenwoordig.

Die posisie van die IVSR-voorsitter roteer jaarliks.

Aangesien dit hierdie jaar die Potchefstroomkampus se beurt is, is Jaycee die voorsitter vir 2011.

## *Wat studeer jy?*

**MWANAWINA:** Ek doen tans my LLM.

**JAYCEE:** Ek het 'n BPharm-graad in 2008 verwerf, en is nou besig met my meestersgraad in Farmasiepraktyk.

**TUGELA:** Nadat ek 'n graad in Ontwikkeling en Bestuur behaal het, het ek 'n honneursgraad in Bestuur verwerf. Ek is tans besig met 'n tweede honneursgraad – hierdie keer in Suid-Sotho.

## *Hoe sien jy jou leiersrol op jou kampus?*

**MWANAWINA:** Ons verteenwoordig diegene wat nie gehoor kan word nie en ons inspireer ons medestudente om na hoër hoogtes te reik.

**JAYCEE:** Ek dra die studente se belange op die hart en maak seker dat die nodige oplossings gevind en stappe gedoen word as hulle probleme ondervind.

**TUGELA:** Ek wil graag doeltreffende leierskap op alle terreine van die studentelewe verseker, terwyl ek die behoeftes en prioriteite van alle studente op die kampus eerste stel.

## *Wat geniet jy die meeste daarvan om 'n student te wees?*

**MWANAWINA:** Die genoegdoening om doelwitte te stel en dit te bereik.

**JAYCEE:** Ek leer baie van mense en uit my ervaringe, veral dat 'n mens die gevolge van jou eie besluite moet dra.

**TUGELA:** Om te sosialiseer en by al die studente-aktiwiteite betrokke te wees.

## *Wat is die sterkpunte van jou VSR?*

**MWANAWINA:** Vasberadenheid, asook

die begeerte om aan te hou leer om nuwe perspektiewe te kan ontwikkel.

**JAYCEE:** Omdat ons SR nie-polities verkies word, word hulle nie deur buite-instansies beïnvloed nie en kan hulle op kampsuaangeleenthede fokus. Gelei deur hul passie vir hul medestudente, streef hulle daarna om 'n gebalanseerde studente-ervaring vir almal te skep.

**TUGELA:** Hulle is baie uiteenlopend; die meeste lede is nagraadse studente en ons lei deur ons voorbeeld.

## *As jy een ding op jou kampus kan verander, wat sal dit wees?*

**MWANAWINA:** Persepsies wat op politiek gegrond is.

**JAYCEE:** Meer parking.

**TUGELA:** Die ingesteldheid van alle studente en dosente – hulle moet meer empatie vir mekaar se probleme en uitdagings hê.

## *Wat is na jou mening die probleme wat studente van vandag in die gesig staar?*

**MWANAWINA:** Talle studente het nie fondse vir hulle studies nie.

**JAYCEE:** Ons dra die gevolge van ons voorvaders se optrede en moet dié probleme saam met ons eie oplos. Ons moet ook aan die toekoms van ons samelewing dink en ons beywer vir 'n beter Suid-Afrika en wêreld.

**TUGELA:** Om die studentelewe se sosiale en akademiese aktiwiteite te balanseer.

## *Wat is die eienskappe van die studente wat die NWU aan SA behoort te lewer?*

**MWANAWINA:** Mense wat passievol is oor

wêreldwye ontwikkeling en vooruitgang.

**JAYCEE:** Gebalanseerde mense wat waarde-gedrewe is in die werksplek, in staat om konflik te hanteer, te redeneer, standpunt in te neem vir wat reg of verkeerd is, en uit die boks te dink.

**TUGELA:** Toegewyde mense wat aanspreeklikheid vir hul dade aanvaar, wat met integriteit leef, ander mense en die omgewing respekteer en wat aan hul taak toegewy sal wees.

## *As jy aan jou medestudente raad kan gee, wat sal dit wees?*

**MWANAWINA:** Die lewe bring niks oor jou pad wat jy nie kan hanteer nie.

**JAYCEE:** Moet nooit vergeet waar jou krag vandaan kom nie, wees ten volle wie en wat jy is, want die wêreld kort meer mense wat in hulself glo.

**TUGELA:** Maak seker dat julle God by al jul planne insluit.

## *Wat was die beste raad wat jy ooit van iemand ontvang het?*

**MWANAWINA:** My ma het vir my die volgende raad gegee: Ons het almal die vermoë in ons om die wêreld te verander ... jy moet net jou kans afwag om dit te doen.

**JAYCEE:** Martin Luther King Jr het gesê: "Faith is taking the first step when you can't see the whole staircase". Soms moet jy daardie stap in geloof neem en glo dat jy inderdaad by die trappe op loop.

**TUGELA:** Moenie iemand met jou optrede vernietig nie, bou hom of haar eerder op.



*Die verteenwoordigende studenterade op die kampusse se voorsitters is voor links mnr Jaycee van Rooyen, Potchefstroomkampus, langs hom mnr Mwanawina Ilyayambwa, Mafikengkampus, en agter hulle mnr Tugela Mpele, Vaaldriehoekkampus.*

# Aan die stuur van 'n globale reus

Voor die aardbewing en tsunami wat Japan op 11 Maart vanjaar getref het, was die land van kersiebloeisels, kimono's en voorpunttegnologie nie veel meer as 'n dowwe stippel op die gewone Suid-Afrikaner se radarskerm nie. Vir dr Johan van Zyl, alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en raadslid van die NWU, is Japan egter 'n daaglikse werklikheid. NWU & U het hom tydens 'n kuberklatsessie uitgevra oor sy verbintenis met dié land, sy werk as hoof- uitvoerende beampte van Toyota Suid-Afrika en sy herinneringe aan sy alma mater.

**D**ié man is gewoon daaraan om 'n hele paar wiele gelyk aan die rol te hou.

As voorsitter en hoof- uitvoerende beampte van Toyota Suid-Afrika is dr Johan van Zyl immers verantwoordelik vir ongeveer 10 000 werknemers in Suid-Afrika.

Daarby is hy – as een van net vyf nie-Japanese besturende beamptes in die internasionale Toyota Motorkorporasie – boonop as lid van Toyota se internasionale bestuurspan verantwoordelik vir die markte van die Midde-Ooste, Afrika én Suid-Amerika.

Om dié kragtoertjie nog meer uitdagend te maak, het hy kantore in Johannesburg (Sandton), Durban, Nagoya en Tokyo en is daar boonop 'n sewe-uur-tydsverskil tussen Suid-Afrika en Japan wat verreken moet word.

Nie dat dit hom van stryk bring nie.

“Gelukkig maak moderne tegnologie soos video-konferensies dit moontlik om feitlik enige plek in die wêreld te wees en nog steeds in kontak te bly,” sê hy.

Van sy grootste uitdagings in sy werk is om strategie in plek te kry om te verseker dat Toyota die industrieleier sal bly.

“Daarvoor is die regte mensekapitaal, hoëkwaliteitprodukte en uitnemende vlakke van dienslewering noodsaaklik,” sê hy.

Nog 'n uitdaging is om te verseker dat die mensfaktor in so 'n reusemaatskappy soos Toyota behoue bly – iets wat inderdaad 'n uitdaging is met 300 000 werknemers wêreldwyd.

“Toyota se bestuursbenadering is gebaseer op “Genchi Genbutsu” wat neerkom op bestuur wat sigbaar en betrokke is by die werkplek. Daarby is kommunikasie en spanwerk onontbeerlik – almal moet 'n bydrae lewer en betrokke wees.”

Om die ratte goed geolie te hou, bring hy elke ses weke een week in Japan deur, waar hy met 'n basiese kennis van Japannees heeltemal goed oor die weg kom.

Hoewel hy nie veel tyd kry vir reis in Japan nie, is Kyoto vir hom die mooiste en bes bewaarde stad in Japan en geniet hy veral die natuurskoon van die Hakone-gebied.

“In Japan beleef 'n mens al die seisoene baie intens – veral die herfstyd is pragtig as die bome verkleur en die blare wissel.”

Wanneer hy nie in Japan is nie, veroorsaak die tydsverskil met Japan dat dr Johan se dag dikwels reeds om eenuur of twee-uur in die oggend met video-vergaderings begin. Boonop bring hy gewoonlik twee dae per week by die fabriek in Durban deur.

“My dae is vol en eindig gewoonlik met aandete. Trouens, aandetes is vir ons die lekkerste kuiertyd – ons gesin eet altyd saam by die kombuistafel.”

Gesinstyd – veral naweke, is vir die Van Zyls baie belangrik. “My vrou, Santie, en my dogters, Nadia en Karla, is diereliefhebbers en ons geniet dit baie om op die plaas buite Lepelale (Ellisras) te kuier.”

Vroulief Santie is ook 'n alumnus van die PU vir CHO, waar sy sang studeer het en

in die Alabama-vermaaklikheidsgroep opgetree het.

Vandag besit sy en Nadia, 'n ouditeur, hul eie klerereeks vir vroue en het hulle 'n hele rits boeties. Die besigheid se naam – Nihon – getuig verder van die Van Zyls se verbintenis met die land waar die son opkom, want dit beteken Japan.

Die ander Van Zyl-sussie, Karla, is 'n honneursstudent in Drama in Pretoria.

Behalwe sy gesin, is nog 'n groot liefde in dr Johan se lewe – soos te wagte – motorsport en vir ontspanning restoureer hy graag veteraanmotors.

Vir oefening speel hy muurbal en hardloop – laasgenoemde 'n voorliefde wat spruit uit sy studentejare toe hy 'n kranige atleet was.

'n Ander voorliefde is rugby. Sy gunsteling-span? Om dié draai navigeer hy versigtig. Ja, Toyota borg die Cheetahs, antwoord hy, maar sy gunsteling-span is die Springbokke.

So kom hy veilig om die draai, sonder om kop eerste in die bynes van provinsiale rugbypolitiek te beland...

Wanneer sy besige program dit toelaat, geniet dr Johan dit om te reis – sy gunstelinglande is Kroasië, Estonië, Frankryk en Namibië.

En sy raad vir die NWU & U se lesers?

“Tyd is kosbaar, want die lewe is kort. Jy moenie wag om iets te doen wat jy graag wil doen nie – doen dit nou!”



## *Op die oewer van die Moorivier*

"Dit was 'n wonderlike tyd – ek het baie aan sport deelgeneem en so nou en dan geswot ook."

So beskryf dr Johan van Zyl, alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), sy studentejare op die oewer van die Moorivier.

Dr Johan het sy BCom in 1979 voltooi, sy Hons BCom in 1980, sy MCom in 1981, en sy DCom in 1984.

Hy het egter nie net aan die PU vir CHO studeer nie – hy het ook daar klasgegee.

"In my honneursjaar was ek 'n assistent en tydens my MCom-jaar was ek 'n junior lektor in Bedryfseconomie – ek dink my salaris was toe 'n volle R315 per maand."

Later was hy ook 'n medeprofessor by die Nagraadse Skool in Bestuurswese voor hy in 1993 as Direkteur: Voertuigverkope en Handelaarnetwerk by Toyota aangesluit het.

In 2002 het hy die voorsitter en hoofuitvoerende beampte van Toyota Suid-Afrika geword en in Junie 2009 is hy aangestel as een van net 50 besturende beamptes van die Toyota Motorkorporasie wêreldwyd.

Hoewel hy al lank terug 'n Pretorianer geword het, het Johan steeds goeie kontak met die NWU behou.

Hy is byvoorbeeld reeds sedert 2004 lid van die NWU-Raad en voorsitter van die Raad se Finansiële Komitee.

Dr Johan beskou die NWU van vandag as goed geposisioneer om 'n leidende rol in Suid-Afrika te speel. "Die instelling handhaaf hoë akademiese standaarde en is 'n gerespekteerde instelling – nasionaal én internasionaal."

# Inheemse kennis bevoordeel baie



*Die sentrum streef daarna om jongmense te betrek om inheemse woude teen klimaatsverandering te beskerm.*

**D**ie NWU is tans die enigste universiteit in die land met 'n geakkrediteerde Inheemse Kennisstelsels- (IKS-) onderlig-program op voor- en nagraadse vlak.

Die kwalifikasies wat aangebied word deur die Sentrum van Uitnemendheid vir Afrika Inheemse Kennisstelsels, wat op die Mafikengkampus geleë is, sluit 'n B-graad in Inheemse Kennisstelsels (BIKS) in, asook 'n BA, meestersgraad en PhD in Inheemse Kennisstelsels.

Die sentrum se holistiese aard bied aan IKS-gegraduatees die geleentheid om in verskillende velde te werk, byvoorbeeld gemeenskaps- en landelike ontwikkeling, gesondheid, toerisme, onderwys, navorsing, museums en argiewe, die bestuur van natuurlike hulpbronne, en kuns en handwerk.

Dit word as 'n vennootskap tussen die NWU en die universiteite van Limpopo en Venda bedryf. Die belangrikste navorsingsfokusareas lê op die gebied van landbou, Afrika-

tale en letterkunde, biodiversiteit, regte, onderwys, menslike en dieregesondheid, voedselsekureit, bestuur van natuurlike hulpbronne, klimaatsverandering en hernubare energie.

Volgens prof Kayah Kaya, koördineerder van die sentrum, is inheemse kennisstelsels plaaslike kennis en praktyke wat eie is aan 'n spesifieke kultuur of samelewing. Dit omvat die vaardighede, ervarings, oortuigings en insigte wat mense gebruik om hulle lewensstandaard te verbeter.

Inheemse kennis (IK) word gewoonlik gebruik as sinoniem vir tradisionele, gemeenskaps- en plaaslike kennis om die kennis wat deur en binne spesifieke inheemse gemeenskappe ontwikkel is, te onderskei van die internasionale kennisstelsels wat deur universiteite, regeringsnavorsingsentrums en privaat entiteite gegenereer word.

IK fasiliteer kommunikasie en vorm die basis vir besluitneming in verskillende aktiwiteite binne plaaslike gemeenskappe soos landbou,



*Prof Kayah Kaya is die koördineerder van die Sentrum van Uitnemendheid vir Afrika Inheemse Kennisstelsels op die Mafikengkampus.*

gesondheidsorg, voedselsekureit, bestuur van natuurlike hulpbronne, rampbestuur, konflikoplossing en onderwys. Die sentrum fasiliteer samewerking tussen tersiêre instellings, NRO's en IKS-houers en praktisyns vir die ontwikkeling en bevordering van IKS binne en buite Suid-Afrika.

Die Sentrum is deur die *New Partnership for Africa's Development- (NEPAD-)* agentskap aangewys as die Suider-Afrikaanse streeks-

node vir die koördinerings van IKS-kapasiteit en netwerkvorming in die biowetenskappe.

In samewerking met die NEPAD-agentskap, die nasionale IKS-kantoor, Hohenheim Universiteit (Duitsland), die Universiteit van KwaZulu-Natal, Mbarara Universiteit van Tegnologie (Uganda) en Hanseo Universiteit (Suid-Korea) word 'n internasionale studentekonferensie oor klimaatsverandering en IKS vanaf 15 tot 17 Augustus 2011 in Johannesburg gehou.

Die konferensie sal aan jong navorsers 'n platform gee om idees en ervarings oor die rol van IKS in klimaatsveranderingaanpassings met IK-houers en praktisyns te deel.

### **Die belangrikheid van IKS vir volhoubare ontwikkeling**

IK is 'n onderbenutte hulpbron in die ontwikkelingsproses in Afrika.

'n Land se vermoë om voort te bou op die kennisstelsels wat onder sy mense beskikbaar is en dit te mobiliseer vir volhoubare ontwikkeling, is so noodsaaklik soos die beskikbaarheid van fisiese en finansiële hulpbronne.

Indien ons leer uit wat plaaslike gemeenskappe reeds weet, skep ons begrip vir plaaslike omstandighede en verskaf 'n belangrike konteks vir aktiwiteite wat ontwerp is om hulle te help.

Afrika kan deur IK deelneem aan en aktief bydra tot die wêreldwye kenniseconomie met behulp van kennisstelsels wat deur sy eie praktisyns gegeneer is.

Hierdie kennis word deurlopend ontwikkel en aangepas by geleidelik veranderende plaaslike omgewings, van geslag tot geslag oorgedra, en nou verweef met mense se kulturele waardes en aspirasies.

Ongelukkig loop talle Inheemse Kennisstelsels gevaar om uit te sterf as gevolg van die snelveranderende natuurlike omgewings en vinnige tempo van ekonomiese, politieke en kulturele veranderinge wêreldwyd.

Sommige praktyke verdwyn, aangesien hulle ontoereikend raak vir nuwe uitdagings of omdat hulle te stadig aanpas.

Talle praktyke verdwyn egter bloot as gevolg van die intrede van vreemde tegnologieë of ontwikkelingskonsepte wat korttermyn-winste of oplossings vir probleme belowe sonder dat



*Die navorsing wat deur die Sentrum van Uitnemendheid vir Afrika Inheemse Kennisstelsels gedoen word, sluit inheemse kennis oor landbou en dieregesondheid in.*

dit volgehou kan word. Die tragedie van die dreigende verdwyning van inheemse kennis is die duidelikste vir diene wat dit ontwikkel het en daaruit 'n bestaan maak.

Die implikasie vir ander kan egter ook nadelig wees wanneer vaardighede, tegnologieë, artefakte, probleemoplossingstrategieë en kundigheid verlore gaan.

### **IKS in die Suid-Afrikaanse konteks**

In November 2004 het die Kabinet die Inheemse Kennisstelsels- (IKS-) beleid aanvaar en in 2006 is die IKS-kantoor in die Departement van Wetenskap en Tegnologie gevestig.

Dit verskaf 'n nasionale grondslag waarvolgens gemeenskapsgebaseerde kennis en innoveringstelsels gebruik kan word om meer toepaslike intervensies te skep om die rol van IKS in volhoubare gemeenskapsbestaan en ontwikkeling te bevorder.

In samewerking met die nasionale IKS-kantoor, SAKO en ander belanghebbers, finaliseer die sentrum tans 'n nasionale raamwerk vir die akkreditering en sertifisering van IK-houers en praktisyns in die land.



*Gemeenskappe gebruik dikwels plante as inheemse medisyne en kos.*



Me Karien Brits was in Mei vanjaar weer in Pole. Hier is sy saam met prof Jerzy Koch, die "vader" van Afrikaanse studies in Pole, in sy studeerkamer in Wrocław. Prof Jerzy is die hoof van die Departement Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies by die Adam Mickiewicz-Universiteit in Poznań en die hoof van die Afdeling vir Moderne Nederlandse en Afrikaanse Literatuur by Universiteit van Wrocław.

Me Karien Brits by die graf van 'n Suid-Afrikaanse soldaat in Poznań, Pole. Hy het tydens die Tweede Wêreldoorlog daar gesneeu.



Me Karien Brits van die Institusionele Taaldirekoraat geniet die Poolse winter tydens haar verblyf in Poznań. Behalwe Afrikaans en Engels – en natuurlik Pools – praat Karien ook Setswana, Zoeloe, Duits en Frans en is sy besig om Spaans te leer.

# Poolse studente leer Afrikaans praat

**A**frikaans by 'n Poolse Universiteit? Ja, sowaar. En NWU-dosente wat Pools kan praat? Nog 'n ja. Sowáár.

As deel van Pole se enigste Suid-Afrikaanse studie-module, kan studente aan die Adam Mickiewicz-Universiteit in die stad Poznań in Pole reeds sedert die begin negentigs meer oor Suid-Afrika, sy kulture en sy tale leer.

Me Karien Brits van die Taaldirekoraat by die Institusionele Kantoor van die NWU en dr Phil van Schalkwyk van die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus het albei vir 'n paar jaar lank by dié universiteit in Poznań klasgegee.

Dr Phil was van September 2001 tot Maart 2006 daar (sien tekskassie) en Karien van September 2006 tot Januarie 2010.

Karien was deel van die Skool vir Engels se Departement van Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies, waar sy Suid-Afrikaanse Engels ('n semesterkursus), Afrikaans (taalverwerking) en Kultuurstudies aangebied het.

"Daar is twee rigtings in die Skool vir Engels – Amerikaanse en Britse Engels. Diegene wat die SA Spesialisasie doen, moet ook Britse Engels doen," verduidelik sy.

### Afrika-tale in Pole

Tydens hul tweede studiejaar kry studente in Suid-Afrikaanse kultuurstudies die geleentheid om met 'n paar Afrikatale kennis te maak. Onderwerpe soos naamgewing, prysgedigte en volksverhale vorm deel van hierdie leerervaring.

Karien het ook inleidende kursusse in Setswana en Afrikaans aangebied. "Studente

neem Afrikaans tot op derdejaarsvlak." Maar waarom op aarde sal 'n Poolse student Afrikaans wil leer?

"Sedert Pole net voor die negentigerjare van kommunisme en die gepaardgaande isolasie bevry is, stel hulle geweldig belang in ander kulture," vertel Karien.

"Om elke hoek en draai kry 'n mens 'n taalkool waar mense byvoorbeeld Duits, Frans en Spaans kan leer."

In die Fakulteit vir Moderne Tale, waaronder die Skool vir Engels resorteer, word 'n groot verskeidenheid tale aangebied, onder meer Tamil, Japannees, Wallies en Iers.

### Dit maak deure oop

Die studente wat Afrikaans neem, doen dit ter wille van selfverryking en om 'n ekstra

vaardigheid te bemeester. Dit maak ook vir hulle deure oop tot werkseleenthede, byvoorbeeld by die Suid-Afrikaanse Ambassade en by Suid-Afrikaanse maatskappye in Pole.

‘n Voorbeeld van so ‘n maatskappy is die Suid-Afrikaanse Brouerye, wat ‘n groot deel van die Poolse bierbedryf besit.

“Nog ‘n voordeel is dat een van my studente wat Afrikaans geneem het, daarna toe ook makliker Nederlands kon leer,” sê Karien.

Sy behou gereeld kontak met haar studente op Facebook en deur middel van e-posse en vroeër vanjaar was die vreugde groot toe sy ‘n groep van hulle op eie bodem kon ontvang.

Dié agt Poolse studente het op die NWU se Potchefstroomkampus kom kuier as deel van ‘n sogenaamde “multiversiteitstoer.”

Dié toer het akademiese kontakssessies in Afrikaans by die NWU en die universiteite van Stellenbosch en Pretoria ingesluit.

### Die Ware Jakob

“In Pole kan die studente heelwat oor Suid-Afrika uit boeke leer, maar niks kan kers vashou by die Ware Jakob nie.

“Eers wanneer hulle die land eerstehands ervaar, kan hulle werklik die agtergrond van die kultuur en tale begin verstaan.”

Tydens haar verblyf in Pole, het Karien ook die Poolse kultuur leer ken. Sy het byvoorbeeld groot waardering vir die gasvryheid wat sy daar ervaar het.

“As jy dink ons land se gasvryheid is iets besonder, moet jy die Poolse weergawe daarvan beleef,” sê sy. “Hulle het ‘n Poolse gesegde: ‘Gość w dom, Bóg w dom.’ Dit beteken: Gas in die huis, God in die huis.

“As jy byvoorbeeld beplan om by ‘n Poolse tante te gaan eet, moet jy jou vooraf deeglik uithonger, want om nee dankie te sê vir die stapels kos wat hulle met groot toewyding voorsit, is baie ongeskik.”

Vir Karien val Pools natuurlik glad nie meer vreemd op die oor of die tong nie.

Sy sê hoewel die aanleer van ‘n taal ‘n lewenslange proses is, kon sy ná sowat sewe tot agt maande darem al ‘n redelike gesprek in Pools voer.

Tydens haar verblyf in Pole het sy die land per trein verken. “Poznań is sowat drie ure per trein vanaf Warschau, drie ure vanaf Berlyn en vyf ure vanaf die Baltiese see.”

### Ooreenkoms vir samewerking

Hoewel daar reeds sedert die begin negentigs informele samewerking tussen die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Adam Mickiewicz-Universiteit bestaan, is die NWU tans besig om ‘n meer formele, amptelike samewerkingsooreenkoms tussen dié twee universiteite te bewerkstellig.

Hiervolgens sal studente en dosente uitgeruil kan word, en navorsing saam onderneem kan word.

## Pionier in Pole

Dr Phil van Schalkwyk, tans van die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus, was die eerste Suid-Afrikaanse dosent wat by die Adam Mickiewicz-Universiteit in Poznań se Skool vir Engels klasgegee het.

Nadat hy van 2001 tot 2004 senior lektor was by die Suid-Afrikaanse MA-Spesialisasie by die Skool vir Engels, is hy bevorder tot besoekende professor.

Hy sê die Poolse studente sukkel nogal met die Afrikaanse uitspraak, byvoorbeeld van die klank “h”. “Gulle maak van gierdie klank ‘n ‘g’,” verduidelik hy in ligte luim. In Pools gebruik ‘n mens ook nie lidwoorde nie, en daarom neig Poolse sprekers om dit ook in ander tale weg te laat.

“Hulle sukkel ook met ‘modale vorme’ of ‘merkers’ soos ‘mos’ en ‘dareem’ wat ons soms so moeiteloos aanmekaar ryg, byvoorbeeld: ‘Jy staan mos darem nou en lieg!’ Die konstruksie ‘staan en ...’ is op sigself vir ‘n Pool vreemd.”

Phil sê sy beheersing van Pools was nooit baie goed nie en soos die tyd aanstap,

vergeet hy elke dag nog iets, maar hy is baie trots op homself as hy af en toe nog volledige Poolse sinne op Facebook kan volg.

“Pools is ‘n besonder moeilike taal, maar dis pragtig. Dis vir my selfs mooi as daar in Pools getel word. Ek kon my altyd verluister as iemand byvoorbeeld ‘n datum in Pools sê of in ‘n winkel die prys van ‘n item noem.”

Phil hou baie van die mense van Pole. “Daar is iets omtrent hulle geaardheid wat sterk aanklank vind by my. My vriende daar het soos familie geword.”

Hy sal ook nie die duidelik afgebakende seisoene in Pole vergeet nie. “Herfs was werklik herfs, en lente ‘n groen ontploffing vroeg in Mei ...”

“Vir my was dit ‘n buitengewone voorreg om vir byna vyf jaar ‘n alledaagse bestaan te kon voer in ‘n onwaarskynlike stad soos Poznań – ‘n pragtig bewaarde stad, kompleet met ‘n plein en ‘n operahuis!”

Behalwe vir 2010, het hy dié stad tot dusver nog elke jaar gaan besoek en in



Dr Phil van Schalkwyk

Januarie vanjaar, toe die Poolse studente in Potchefstroom was, het hy hier saam met hulle gekuier.

Hy behou ook nog kontak met sy eie oud-studente en voormalige kollegas in Pole.

# Sy sien oplossings, nie probleme nie



Me Mapule Modise.

**A**s gebore optimis sien me Mapule Modise nie sommer probleme raak nie – sy sien moontlike oplossings.

Mapule, 'n alumna van die Vaaldriehoekskampus, is deel van 'n span bedryfsnavorsers by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) wat wetenskaplike metodes gebruik om probleme op te los wat regerings, volke of gemeenskappe ervaar.

“Dit kom daarop neer dat ons navorsing doen wat daarop gemik is om die wêreld 'n beter plek te maak om in te leef”, sê Mapule.

### **Kleintyd se droom**

Haar begeerte om die siklus van armoede te verbreek, kan teruggevoer word tot haar tienerjare toe sy te midde van politieke onrus in Sharpeville grootgeword het.

Sy het op hoërskool uitstekend gevaar in geestes- sowel as natuurwetenskappe en daarom het sy later Sielkunde en Bedryfsnavorsing as hoofvakke gekies toe sy aan die Vaaldriehoekskampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer het.

Tussen 1994 en 1999 het sy as student die eerste treë gegee in die rigting van haar strewende om dinge ten goede te verander toe sy verskeie leierskapsposisies op die kampus beklee het. Van dié posisies sluit in huiskomiteelid van Jasmyn, die koshuis waar sy gewoon het, en ondervoorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR).

### **Goeie herinneringe**

Van haar beste herinneringe aan haar sorgvrye studentejare op die walle van die Vaalrivier is van gesellige kuieraande ná klas in die koshuis se sitkamer. “Hoewel dit vir my aanvanklik vreemd was, het ek geleer om die weeklikse sokkies terdeë te geniet,” sê sy.

Nog 'n heerlike herinnering en hoogtepunt is die ontmoeting tussen haar en haar man, prof Joe Modise, tydens intervarsity-aktiwiteite. Prof Joe het aan die Potchefstroomskampus studeer en later in die Chemie-departement op dié kampus klasgegee.

Nadat sy twee honneursgrade verwerf het – een in Sielkunde en die ander een in Bedryfsnavorsing

– het Mapule vir 'n verdere 18 maande as administratiewe beampte op die Vaaldriehoekskampus gewerk en toe in 2001 as junior lektor by Unisa aangesluit.

### **Bedryfsnavorsing**

Sy het in 2007 haar loopbaan by die WNNR begin in die eenheid vir Verdediging, Vrede, Veiligheid en Sekuriteit, waar sy steeds as bedryfsnavorsers werk.

“Bedryfsnavorsing kom daarop neer dat wetenskaplike metodes toegepas word om oplossings vir probleme te vind, en dit kan in talle sektore aangewend word, insluitend regering, finansies, produksie, mynbou en bestuur,” sê Mapule.

Van die interessante opdragte waaraan Mapule reeds by die WNNR gewerk het, is onder meer armoedeverligting en die handhawing van vrede op die Afrika-kontinent.

Mapule is ook besig met haar MSc deur Unisa. Die onderwerp is: “*Modelling and simulating poverty dimensions*”.

“My studie behels die bou van 'n armoedemodel, wat ons help om te verstaan hoe armoedefaktore op mekaar inwerk om die beweging van mense in en uit armoede te beïnvloed,” sê sy.

### **Gesinslewe**

Wanneer sy nie by die werk is nie, geniet sy dit om te lees, fliks te kyk en bietjie tuin te maak by die gesinswoning in Thatchfield Gardens, The Reeds, in Centurion.

Mapule en haar man Joe, wat tans 'n Chemie-professor aan die Vaal Universiteit van Tegnologie is, het drie dogters: Thandi (20), Tshiamo (10) en Omphile (7).

Mapule se optimistiese geaardheid kom weer na vore in haar droom vir Suid-Afrika – dat almal gelyke geleenthede sal hê om tot die ontwikkeling van die ekonomie by te dra, en dat armoede, misdaad en korrupsie heeltemal uitgeroei sal word.



Hoewel At deesdae meestal akrielverf gebruik, is hy tans besig met 'n reeks eksklusiewe olieverskilderye wat aan die einde van die jaar beskikbaar behoort te wees.

# 'n Toekoms vol son, see en skilder

Wat van 'n rustige lewe in 'n huisie by die see? Dié idilliese vooruitsig is nie elke aardling beskore nie, maar vir die bekende akteur en skilder, mnr At Botha, is dit binnekort 'n soete werklikheid.

Dié bekende alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) gaan sy groot droom bewaarheid wanneer hy eersdaags die rook en verkeer van die Goudstad gaan verruil vir die son en see van Paternoster.

Die mense van die Weskus sal hom sommer maklik op straat herken, want sedert hy in 1971 vir die eerste keer as Stanley Kowalski in *A streetcar named desire* op die verhoog was, het hy 'n gereelde kuiergas in menige huis geword.

## Speurder At

At is veral bekend vir die rol van speurder wat hy in TV-produksies soos *Die Binnekring* en *Die Laksman* vertolk het. Die laaste rol wat hy op die kassie vertolk het, was dié as Con de Bruyn in *Vallei van Sluiers* wat

verlede jaar op KykNet uitgesaai is. Hy het ook in verskeie films opgetree, byvoorbeeld *Blink Stefaans*, *Hostage*, *Bosveldwinkel*, en *Grensbasis 13*. Trouens, hy sê as hy 'n keuse het, verkies hy film, aangesien dié proses heelwat rustiger is.

Tog bly sy groot liefde die skilderkuns. Dié passie het hy reeds van jongs af uitgeleef, ook terwyl hy tussen 1971 en 1974 Drama studeer het.

At het in die asbeskoshuis wat destyds bekend was as "Skuur" gebly en van sy lekkerste herinneringe aan sy studentejare was die toneelproduksies wat hulle saans ná klas instudeer het.

Ander bekendes wat saam met hom in daardie tyd op die kampus was, is onder meer akteur Pierre van Pletzen en sanger Danie Niehaus.

## Die verfkwas seëvier

Deesdae is toneelspel eintlik net 'n stokperdjie vir hom en bring hy die grootste deel van sy dag verfkwas-in-die-hand deur.

"As ek voor 'n keuse gestel word, sal ek die skilderkuns bo toneelspel kies, omdat dit vir my die geleentheid bied om elke dag in my eie ruimte skeppend te wees. Boonop is dit vir my lekker om te sien dat my skilderye vir mense vreugde in hulle huise verskaf," sê hy.

Hy geniet ook die interaksie met mense wanneer hy tydens kunstefeeste sy esel by verskillende kunsateljees staan maak om te skilder.

Hy skilder Kaapse oestonele, Distrik Sestonele, seetonele en hansworse. "Reeds as kind het wolke en berge my gefassineer, en my landskappe is veral geïnspireer deur die Oos-Vrystaat, waar ons gewoon het terwyl my pa by verskillende skole skoolgehou het," sê hy.

## Troumars en heildronke

Maar intussen gaan hy eers bruilof hou. Ja, die huweliksklokkies lui op 17 September vir At en sy verloofde, dr Annelize Pretorius van Centurion.

"My vrou is drie jaar gelede oorlede aan kanker ná 'n huwelik van 15 jaar. Ek staan op troue met my verloofde wie se man weliswaar ook aan kanker oorlede is," sê At.

Dr Annelize het tans 'n oudiologie en spraak-taalpraktyk en 'n menslikehulpbronnemaatskappy in Centurion en sy en At beplan om albei hul beroepe voort te sit wanneer hulle Weskus toe verhuis.

## 'n Handvol kinders

Die vier Pekinese, Boesman, Lena, Sophie en Meraai, trek natuurlik saam Paternoster toe.

Behalwe die hondkinders, het At ook twee seuns en 'n dogter. Johan (37) en Pieter (24) volg in sy voetspore – Johan skilder en Pieter is 'n akteur.

Sy dogter, Helena (34), is met Pieter Oberholzer getroud en is 'n natuuroloog. Dr Annelize se dogter, Mia, (31) is met Tony Brazzoli getroud en hulle het 'n dogtertjie, Eva (sewe maande).

So aan die begin van Oktober gaan At weer tydens Aardklop onder die akkerbome in Potchefstroom kom kuiier.

En vir die res van die jaar maak hy gewone aardlinge jaloers deur in sy ruim ateljee te skilder terwyl hy kyk hoe die son sy eie skakerings oor Paternoster se see verf.

# Woorde is sy werk en geregtigheid sy strewe

**M**nr Frank Lesenyego se loopbaan weerspieël nie net sy lewenslange liefde vir kommunikasie nie, maar ook sy sin vir geregtigheid.

Sy kleintydroom om met gedrukte of elektroniese media te werk, het hom aangespoor om tussen 1999 en 2001 op die Mafikengkampus van die voormalige Universiteit van Noordwes 'n BA Kommunikasie-graad te verwerf.

“Terwyl ek in Mafikeng grootgeword het, het ek graag radio geluister. Lank gelede – nog in die era van die voormalige Bophuthatswana – was my held en rolmodel die radio-aanbieder, Lerato Kuntwane, van Radio Mmabatho,” sê Frank.

Tydens sy studentejare was prof Takallo Mofokeng die rektor van die kampus en me Modiegi Mosime die hoof van die Departement Kommunikasie.

Nadat hy sy graad voltooi het, het Frank se diepgewortelde sin vir billikheid hom in die rigting van die kantoor van die Grondseisekommissie gelei, waar hy 'n pos as kommunikasiebeampte aanvaar het.


## Geen maklike taak nie

Terwyl hy by die streekkantore van die Grondseisekommissie was – eers in Mafikeng en toe in Nelspruit en uiteindelik as assistent-direkteur van die Kommunikasie en Mediaskakeleenheid in Kimberley – het hy besef dat die proses om grondregte te herstel geen eenvoudige saak is nie.

Een van die probleme was – en is steeds – dat verlore grond intussen ontwikkel is, en in plaas daarvan om mense te hervestig op die grond wat hulle voorheen besit het, word hulle nou slegs finansiële daarvoor vergoed. “Op dié manier kom die beginsel van herverspreiding nie werklik tot sy reg nie,” sê hy.

## Geregtigheid vir almal

Steeds gedryf deur sy sin vir geregtigheid en billikheid, het Frank in 2008 by die streeks-



kantoor van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) van Suid-Afrika in Mmabatho aangesluit, waar hy steeds werk.

Frank verduidelik die spesiale rol wat die NVG in die regstelsel speel: “Ingevolge die Grondwet is hulle mandaat om strafsake namens die Staat aanhangig te maak en om verskeie funksies voortspruitend daaruit te vervul.”

## Praat met die mense

Frank geniet dit om direk met die mense op grondvlak te skakel wanneer hy namens die NVG by gemeenskapsuitreikingsprogramme betrokke is.

“Dit gee my die geleentheid om hulle ingelig te hou oor die rol wat die instelling in ons regstelsel speel en om daardeur 'n positiewe beeld van die NVG in die gemeenskap te vestig,” sê hy.

'n Ander belangrike aspek van sy werk is om 'n goeie werksverhouding met lede van die media te vestig.

“Die geheim,” sê hy “is om genoeg inligting te versprei om hulle in staat te stel om hul werk behoorlik te doen. In ruil daarvoor lei hul goedgesindheid dikwels tot positiewe

dekking, wat jou instelling se beeld bou en korporatiewe identiteit bevorder.”

As assistentdirekteur van die Korporatiewe Kommunikasie, Interne en Mediaskakelings-eenheid het hy groot verwagtings dat die gedrukte media die huidige elektroniese inligtingseeu sal oorleef.

“Ek dink die sosiale media soos Twitter en Facebook sal die gedrukte media eerder aanvul as vervang. Mense wil maar nog steeds 'n geskrewe of gedrukte dokument raadpleeg.”

## Hy bly in kontak

Met 'n hele klomp neefs en niggies wat tans op die Mafikengkampus studeer, besoek Frank die kampus gereeld. “Ek het ook nog kontak met mense wat saam met my studeer het – ons het trouens verlede jaar ons eie klein reünie gehou,” sê hy.

Frank is die trotse pa van 'n vier maande oue babadogtertjie, Matlhogonolo. “Sy is 'n groot seën vir ons,” sê hy.

Hy wil graag vir haar dieselfde waardes leer as wat sy pa hom geleer het. “My oorlede pa het altyd gesê wat jy vir die wêreld gee, sal die wêreld vir jou duisendvoudig teruggee. Ek glo dat dit beslis ook vir liefde geld.”

Die Ferdinand Postma-biblioteek  
soos dit vandag lyk.

# Ferdinand Postma-biblioteek vier sestigjarige bestaan

Die Ferdinand Postma-biblioteek op die Potchefstroomkampus vier vanjaar sy 60e bestaansjaar.

Die biblioteek was destyds gehuisves in die hoofgebou op die kampus.

In 1949 is die vertrekke waarin die biblioteek geleë was, in die noordoostelike vleuel van die historiese hoofgebou, in 'n brand verwoes. Die oprigting van 'n "nuwe brandvrye biblioteekgebou" het toe 'n baie hoë prioriteit geniet.

Dié biblioteek se hoeksteen is op 17 Maart 1951 gelê. Die gebou is uiteindelik eers in 1952 voltooi, en die biblioteek is op 29 November 1952 amptelik in gebruik geneem. Dit is vernoem na prof Ferdinand Postma, wat vir 46 jaar aan die universiteit verbonde was, waarvan hy vir 29 jaar as rektor gedien het.

Die hoeksteenlegging het gepaard gegaan met die feesvierings met die selfstandigwording van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

In 'n artikel in *Die Veteraan*, (1952, dl XVII) word die gebou soos volg opgesom: "Benewens bergruimte vir 100 000 tot 120 000 boekdele in sy magasyn, bied die gebou ruimte vir kalme, ongestoorde studie vir 160 studente in sy ruim en aangename studiesaal. Vir nagraadse en navorsingstudente is 12 klein studeerkamers beplan. Ruim voorsiening is gemaak vir kantoor-en werkrumte vir die biblioteekpersoneel, vir die goed toegeruste

boekbindery, 'n fotografiese afdeling en vir enkele seminaarkamers".

Die biblioteek is destyds as een van die modernste biblioteekgeboue in die land beskou. Gedurende 1973-4 is die gebou op groot skaal uitgebrei en die vloeroppervlakte amper vervierdubbel.

Dit is argitektonies so knap gedoen dat dit vandag haas onmoontlik is om die spore van die uitbreiding raak te sien.

Afgesien van Biblioteekdienste wat die grootste deel van die gebou gebruik, saam met 'n aantal klaskamers op die boonste vloer, was daar ook ander belangrike ontwikkelinge.

In die negentigerjare is die Argief en Museum aan die oostekant van die gebou en in die kelder ingerig, asook die kampus se kunstgalerie wat nou gehuisves word waar die hoof-leessaal op die grondvloer vroeër was.



Die brand in die hoofgebou in 1949 het die universiteit genoop om 'n "nuwe brandvrye biblioteek" op te rig.

Die hoeksteen is op 17 Maart 1951 gelê, en later deur die destydse minister van onderwys, mnr JH Viljoen, onthul.



Die onthulling van die reliëfbeeld van prof Ferdinand Postma in 1952 teen die biblioteekfasade.

Die voltooië biblioteekgebou in 1952 vanaf die westekant.





# NWU kry eerste binnehuise houtfietsrybaan in Afrika

**D**ie eerste binnehuise houtoppervlak-fietsrybaan (Velodrome) in Afrika gaan binnekort op die Fanie du Toit-sportgronde van die Potchefstroomkampus van die NWU opgerig word.

Buiten die Velodrome is daar in samehang met Cycling South Africa (CSA) ook reeds ondernemings gegee om 'n buitenshuise BMX Supercross-fietsrybaan te bou.

Daarby gaan die NWU ook 'n Fietsry-akademie op die Potchefstroomkampus vestig en 'n akademiese program wat met die wetenskap van fietsry gemoeid sal wees, aanbied.

## **Internasionale standaarde**

Wat die bane betref, sal albei aan internasionale standaarde voldoen met die oog op die aanbied van toekomstige nasionale en internasionale fietsrykompetisies soos die

Suid-Afrikaanse, Afrika-, Wêreldbeker- en Wêreldkampioenskappe.

Die Velodrome sal bestaan uit 'n binnehuise 250 m houtoppervlak fietsrybaan met 'n gesonke binneveld (1,5 m laer) waarop kompetisies vir verskeie Olimpiese en ander binnehuise sportsoorte soos netbal, basketbal, vlugbal, skerm, tafeltennis, handbal en gewigoptel aangebied sal kan word.

Benewens dié fasiliteite en die nodige infrastruktuur wat daarmee gepaard gaan, word kantore, 'n kafeteria, onthaalareas, stoorrymtes en pawiljoene ook as deel van die projek beplan.

Die omvang van die projek sal uiteindelik bepaal word deur die bykomende fondse wat uit borgskappe vir die projek gegeneer gaan word.

## **Akademiese program**

Benewens die gebruik van die NWU PUK Velodrome™ as oefen- en kompetisiefasiliteit, sal hierdie ontwikkeling ook onder die vaandel van die NWU PUK Fietsry Akademie™ en in samewerking met die Africa Continental Cycling Centre (AAAC) by die kernbesigheid van die NWU, naamlik onderrig-leer en navorsing, betrokke wees.

Die akademiese program wat aangebied sal word, sal deel vorm van die bestaande Diploma in Sportkunde-program, maar met spesialisasie in Fietsry.

Deel van hierdie program sal ook talent-identifisering en -ontwikkeling insluit. Die totale ontwikkeling en teenwoordigheid van verskeie vlakke van fietsryers skep ook groot potensiaal vir navorsing. In gesprekke met die Internasionale Fietsryunie (bekend as die UCI) het hierdie inisiatief reeds positiewe reaksie ontlok.

# So het dit gebeur

Die idee om die Velodrome te bou, hang nou saam met die fietsry-ontwikkelings-werk wat deur die Africa Continental Cycling Centre (ACCC) op die Potchefstroomkampus onder leiding van mnr Jean-Pierre (J-P) van Zyl en sy vrou, Theresia, gedoen word.

In die afgelope vyf jaar het reeds meer as 320 ontwikkelingsfietsryers van 26 Afrika-lande daar onder J-P, 'n voormalige Olimpiese en wêreldklas-fietsryer, geoefen.

Op grond van die prestasies wat met dié ontwikkelingsfietsryers behaal is, is daar besluit om in samewerking met J-P iets meer konkreets met hierdie projek te doen.

## Verdere stukrag

Die inisiatief het verdere stukrag gekry toe mnr Pat McQuaid, die president van die Internasionale Fietsryunie (UCI), die African Continental Cycling Centre gedurende Januarie verlede jaar besoek het.

Tydens gesprekke tussen hom, dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, en

ander belanghebbendes, het mnr Frans Kruger, hoof van NWU-Regsdiens en voormalige president van SA Fietsry, saam met J-P voorgestel dat 'n Velodrome op die NWU se Potchefstroomkampus opgerig moet word.

Die UCI -president het die internasionale organisasie se volwaardige steun aan hierdie inisiatief gegee, waarna die projek verder uitgerol is.

Die NWU het ook ná wye konsultasie die ondersteuning van die Africa Cycling Union, Cycling South Africa (CSA) en die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie (SASCOC) verkry.

Nadat die NWU aansoek gedoen het vir fondse van die Nasionale Lotery, het die universiteit 'n bedrag van R15 miljoen ontvang.

## Internasionale besoekers

Die NWU is ook gedurende Maart vanjaar deur enkele internasionale kenners van fietsrybane besoek. Een van hulle was mnr Walter Von Lütken, 'n wêreldbekende baanbouer

van Duitsland, wat by die ontwerp en bou van tientalle houtfietsrybane betrokke was en is.

Hy het tydens sy besoek as raadgewer vir die NWU opgetree met die oog op die ontwerp en bou van die houtbaan vir die Velodrome. Sy voorstelle en aanbevelings het reeds voor die UCI se baankomitee gediens en is volgens berigte uiters positief ontvang.

Mnr Frédéric Magné, Direkteur van die UCI se World Cycling Centre in Aigle, Switserland, het ook die NWU besoek.

Sedert die besoeke van dié internasionale kenners, was daar reeds ongekende navrae van talle internasionale fietsryaf-rigters en -spanne. Hulle wil die fasiliteite gebruik ter voorbereiding vir die internasionale kompetisies in 2012, insluitende die UCI se Wêreldkampioenskappe en die Olimpiese Spele.

By laasgenoemde geleentheid is nie minder nie as tien goue medaljes (in totaal dus 30 medaljes) vir baanfietsry alleen op die spel.



Die NWU het vroeër vanjaar 'n galadinee in Potchefstroom aangebied vir persone wat by die Velodrome-projek betrokke is of gaan wees. Teenwoordig is van links prof Themba Mosia, die institusionele registrateur van die NWU, mnr Frédéric Magné, die direkteur van die Internasionale Fietsryunie se World Cycling Centre in Aigle, Switserland, dr Theuns Eloff, die visekanselier, en mnr Kennedy Mosiapoa, waarnemende hoofdirekteur van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur van die Noordwes-provinsie.

## Meer oor die bane

- Die oppervlak van die skuinsopgeboude binnehuis houtbaan word van Siberiese dennehout (Siberian pine) vervaardig.
- Daar word beoog om 'n gedeelte van die fondse wat met die verhuring van die bane verdien mag word, te gebruik vir uitgawes soos instandhouding van die bane en vir beurse vir Suid-Afrikaanse fietsryers wat aan die Universiteit wil studeer en aan die vereiste kriteria voldoen.

## Waarom juis in Potchefstroom

- Die hoogte bo seevlak in Potchefstroom is ideaal vir oefening en afrigting.
- Die Africa Continental Cycling Centre (ACCC) is reeds sedert 2006 in Potchefstroom gevestig en word in vele opsigte deur die Universiteit ondersteun en maak ook van die Universiteit se fasiliteite gebruik.
- Die omgewing bied uitstekende geleenthede vir alle fietsrydisiplines, soos byvoorbeeld pad-, berg-, BMX- en baanfietsry.



## *Beste lid van die* NWU-Konvokasie

*Ingevolge paragraaf 37 van die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU) moet 'n algemene vergadering minstens een maal elke drie jaar deur die president van die Konvokasie belê word by die setel van die universiteit of op sodanige ander plek as wat die president bepaal, met inagneming van die multikampus aard van die universiteit.*

U word hiermee uitgenooi na die

### **NWU-Konvokasie se driejaarlikse algemene vergadering**

**Datum:** Saterdag 6 Augustus 2011  
**Tyd:** 10:00 – 13:00  
**Plek:** Convention Dynamics-konferensiesentrum  
Kruinstraat 310, Harmelia, Isando  
(langs die Road Lodge-Hotel)  
**GPS-koördinate:** S26°08.546' E028°11.529'  
**RSVP:** Izette Schouwstra by 018 299 4968 of [izette.schouwstra@nwu.ac.za](mailto:izette.schouwstra@nwu.ac.za)  
voor of op 22 Julie 2011

*Lede van die Konvokasie is daarop geregtig om deel te neem aan die verrigtinge en werksaamhede van die Konvokasie ingevolge hul lidmaatskapstatus soos dit op die Konvokasierol verskyn. Indien u twyfel oor u status as 'n wettige lid, kontak Izette Schouwstra by die Konvoksiekantoor om u lidmaatskapstatus te bevestig.*